Die ontwerp van twee perspekstrôe wat in die semi-kommersiële loodsproef (Afd. A2) gebruik moes word om motte op relatiewe groot skaal vir die loodsproef te versamel, is in die CRI Jaarverslag vir 2005 bespreek. Die trôe het uitstekend gewerk en ’n groot aantal motte kon in ’n kort rukkie bymekaar gemaak word. Daar is egter binne enkele weke na aanvangs van die loodsproef waargeneem dat baie motte tussen die kartonproprolle (wat die kokonne bevat het) onderaan die deurskynende perspeksdeksels bly sit het nadat hulle ontpop het. Dit was ongewéns aangesien dié motte nie vinnig genoeg in die versamelbakkies beland het nie. In die bestaande Ceder Biocontrol insektarium word motte wat in ontpoppingkiste in die donker ontpop, deur ’n ronde gat van 100 mm deursnee na kamerlig aangelok en word dan in 2 ℓ plastiekbottels versamel. Die perspeksdeksels van die trôe is na aanleiding van dié verskynsel swart geverf om die motte se gedragspatroon te benut. Die kartonproprolle is sodoende redelik goed teen skerp invallende omgewingslig in die laboratorium beskut terwyl die res van die trôe deur omgewingslig verlig is. Die motte het toe vinniger teen die liggradiënt na die beter beligte dele beweeg, teen die gladde, skuins (55°) trogwande probeer sit, maar het onmiddelik afgegly om in die versamelbakkies te beland. Die aanlokkingskrag van gewone lig vir pas-ontpopte motte sal ook vir nuwe motversamelapparaat in die nuwe SIT-insektarium benut word.

A2 **Semi-kommersiële loodsproef**

Laboratorium- en hokproewe wat sedert 2002 uitgevoer was, het die weg vir die uitvoer van 'n loodsproef van semi-kommersiële omvang gebaan. Dié proef is in November 2005 op die plaas Hexrivier, Citrusdal, ingelei.

- **Die proefperseel**: Die proefperseel waarin VKM losgelaat was, was 35 ha groot en het uit 14 boorde volwasse sitrusbome bestaan wat van 1,0 tot 3,93 ha in grootte gewissel het. Die blokke bome was in 'n 7 x 2 patroon gerangskik en het 9 aangrensende Washingtonnawelboorde, 4 Valencia- en een Minneola Tangeloboord behels. 'n Enkele boord met nawelbome op 'n aangrensende plaas, nagenoeg 800 m vanaf die proefboord, was as kontrole gebruik. Die proefperseel was relatief geïsoleer – die naaste sitrusboorde was ongeveer 500 m weg en was van die proefperseel deur die Olifantsrivier geskei. VKM was in laasgenoemde aanplantings met behulp van paringsontwrigting en Cryptogran-bespuiting onderdruk.

- **Algemene plaagbestryding**: Met die uitsondering van die VKM SIL is geen ander bestrydingsmaatreëls teen VKM getref nie. Insekdoderbespuitings vir die kommersiële bestryding van rooidopluis en witluis in die proefboorde is slegs soos benodig toegedien. Applaud, Nemesis, Ultracide, Lannate en Phosdrin is op verskillende tye in verskillende boorde vanaf die middel tot die einde van Desember toegedien.

- **Motproduksie**: Motproduksie is deur Ceder Biocontrol onderneem. Die konvensionele teeltegniek vir VKM-larwes is toegepas. 'n CRI-ontwikkelde mieliemeel-gebaseerde dieët (Moore & Richards, 2001) is in heuningflessies met watteproppe geplaas, hitte-gesteriliseer en die volgende oggend met 24-uur oue VKM-eiers ingeënt. Die flesse is nagenoeg 15 dae by 26°C gehou totdat die larwes volwassenheid bereik het. Die watteproppe is toe verwyder en met riffelkartonproppe vervang sodat die larwes daarin kon pupeer (Fig. 3.2.3.1).

Fig. 3.2.3.1. Teelflesse met riffelkartonproppe – 'n blou PVC-dop met vleklosestaal-gaasdraad beskerm die kartonprop.

Die kartonproppe is 3 dae lank op die flesse gelaat, daarna verwyder en aan weerskante toegemaak sodat larwes wat nog nie pupeer het nie, nie kon ontsnap nie. Die proppe is 'n verdere 3 dae lank onversteur gelaat sodat pupering voltooi kon word. Die proppe met papies is vervolgens in perspekstrôe geplaas in afwagting op motontpopping (Fig. 3.2.3.2).

Fig. 3.2.3.2. Perspekstrog met plastiekbakkies waarin motte na ontpopping versamel is.

Waarneming het getoon dat die deursigtige perspeksdekses wat die trôe bedek het, baie lig deurgelaat het. Die motte het derhalwe geneig om in relatiewe groot getalle tussen die kartonproppe, waar hulle ontpop het, te versamel. Dit het vertragings met die versamelingsproses veroorsaak. Die deksels is gevolglik swart geverf (nadat die foto in Fig. 3.2.3.2 geneem is) en dit het tot gevolg gehad dat die motte na skerper lig tussen die trogwande aangelok is. Hulle het sodoende vinniger in die versamelbakke beland.

Besendings papies is 2 keer per week deur die insektarium gelewer en die motte het gewoonlik binne 24 uur begin uitkom. Ontpopping het normaalweg 24-36 uur later 'n piek bereik. Die motte, wat daagliks versamel is, is onmiddelik na versameling in 'n koelkamer by 4°C geplaas sodat hulle geïmmobiliseer kon word om vertrapping te voorkom en hantering te vergemaklik. Motouderdom is aangeteken om te verseker dat die jongste motte deurentyd vir loslating gebruik is. Die tussenposes tussen die gelewerde papiebesendings is só gereël dat die aantal benodigde motte (35 000 per loslating) binne 72 uur versamel kon word om optimum lewenskragtigheid te verseker. Genoeg motte vir elke loslating is egter gedurende die hele proefverloop met enkele uitsonderings binne 48 uur versamel. Op die middag voor 'n loslating is elke besending motte met fluoriserende poeier gemerk. Vier verskillende kleure poeier is agtereenvolgens gebruik sodat motte van opeenvolgende loslatings van mekaar onderskei kon word. Nagenoeg 467 motte is daarna volumetries in elk van 75 plastiek Petribakkies (110 mm x 15 mm) afgemeet. Die motte is deurgaans in 'n lugsuiweringskabinet hanteer om lugbesoedeling met motskubbe te verhoed (Fig. 3.2.3.3).

Fig. 3.2.3.3. Lugsuiweringskas waarin koue-geïmmobiliseerde valskodlingmot hanteer is. 'n Deel van 'n aksiale suigwaaier, wat lug van voor na agter deur 'n filtreerder in die kabinet gesuig het, is aan die agterkant sigbaar.

Twintig Petribakkies (4 stapels van 5 bakkies elk) is vervolgens in elk van 4 polistireen-koelkissies (310 mm x 310 mm x 180 mm; 30 mm dik wande) verpak. Die koelkissies is die volgende oggend in 'n groter vervoerkoelkis van polistireen (1320 mm x 600 mm x 580 mm; 100 mm dik wande) verpak waarin 10 vriesblokke (170 mm x 120 mm x 40 mm) geplaas is om die klein koelkissies koel te hou.

- **Gammabestraling**: Gammabestraling van die motte is met die $Kobalt_{60}$-bron van LNR Infruitec in Stellenbosch uitgevoer. Die koelkissies met motte is in die bestralingskompleks uit die vervoerkoelkis verwyder en is as sodanig met die Petribakkies binne-in bestraal om te verseker dat die motte nie deur stygende temperature geheraktiveer word nie (Fig. 3.2.3.4).

Fig. 3.2.3.4. Polistireen-koelkissies met valskodlingmot op gammabestralingsplatform te LNR Infruitec, Stellenbosch.

Die digtheid, vorm en grootte van enige voorwerp wat gammabehandel moet word, bepaal hoe lank dit neem om 'n sekere bestralingsdosis akkuraat toe te dien. 'n Uitgebreide dosisbepalingstudie is derhalwe aan die

begin van die loodsproef deur Dr. Kobus Slabbert (Bestraling Biofisika) van iThemba LABS (**L**aboratory for **A**ccelerator **B**ased **S**ciences), Faure, uitgevoer om 'n geskikte mot/mothouer-opstelling en korrekte bestralingstyd te bereken. Gammabestraling veroorsaak dat die Fe^{3+}-konsentrasie in 'n ystersulfaatoplossing met stygende bestralingsdosisse toeneem. Dié toename word met behulp van 'n spektrofotometer gemeet. Lesings van 'n bestralingsreeks wat van 50 tot 250 Gy (50 Gy inkremente) gewissel het, is in die studie gebruik. Ystersulfaat-bevattende dosimeters is in verskillende plekke in die Petribak/koelkis-opstelling geplaas om die bestralingverstrooiing te bepaal. Met behulp van dié lesings is 'n gepaste opstelling bepaal waarin die bestralingverstrooiing met minder as 10% in verskillende posisies in die opstelling gewissel het – 'n afwyking wat heeltemal aanvaarbaar is. Die vasgestelde bestralingstyd is elke twee maande aangepas om vir die natuurlike afname in bestralingsenergie van die Kobaltbron voorsiening te maak. Die bestralingstyd het sodoende van 28 minute 12 sekondes tot 31 minute 30 sekondes gedurende die proefverloop van 6 maande toegeneem. 'n Bestralingsdosis van 150 Gy, wat in vorige navorsing as die geskikste dosis vasgestel is (Bloem *et al*, 2003), is deurgaans in die proef gebruik.

Die koelkissies is onmiddelik na bestraling weer in die vervoerkoelkis teruggeplaas en na Citrusdal teruggneem.

- **Steriele-insek Loslating**: Vyf en sewentig werksrye, eweredig in die perseel versprei, is vooraf gemerk en alle loslatings is in dié rye uitgevoer. 'n Geskikte aantal Petribakkies met motte is in die proefperseel uit die polistireen-koelkissies verwyder en in 'n Coleman-tipe koelkis oorgeplaas. Dié koelkis was 'n minder-doeltreffende koelhouer en die motte was ten tye van hul loslating alreeds grotendeels uit hul verkoelde toestand ontdooi. Dit het gehelp dat hulle aktief kon vlieg om skuiling te vind sodra hulle losgelaat is.
Die motte is vanaf middel-November 2005 met die hand vanaf 'n vierwielaangedrewe motorfiets losgelaat. Die motte van 'n Petribakkie is so eweredig as moontlik op elke derde boom in in elke ry toegedien, ongeag die rylengte. Eenduisend bestraalde VKM (mannetjies en wyfies in 'n nagenoeg 1:1 verhouding) is twee keer per week per hektaar op Maandae en Donderdae in die proefperseel losgelaat. Die roetine van twee loslatings per week is sonder uitsondering gedurende die proefverloop gehandhaaf. Loslatings moes egter by enkele geleenthede weens onbeheerbare omstandighede met 'n dag, of uitsonderlik twee dae, vervroeg of vertraag word. Motte is tot einde-Mei 2006 losgelaat op welke tydstip die boorde ge-oes is.

- **Proefevaluasie**

a **Lokvalopname**: Dertien deltalokvalle, toegerus met Lorelei-feromoonvrystellers, is in die proefperseel versprei. 'n Kontrolelokval is in twee boorde, onderskeidelik in die kontroleboord (verwysing hierbo) en in 'n Valenciaboord 600 m van die proefboord af, geplaas. Alle lokvalle is twee keer per week ondersoek. Gedurende elke inspeksie is die lokvalbodems met nuwes vervang. Die gebruiktes is na die laboratorium vervoer waar die gevangde mannetjies met behulp van 'n ultraviolet(UV)-lamp (verstelbaar van 254 nM tot 365 nM) getel is. Aantekening is gemaak van (i) die aantal mannetjies wat in die UV-lig gefluoriseer het (losgelate mannetjies) en (ii) ongemerkte mannetjies (óf wilde óf F1-mannetjies).

b **Vrugvalopname**: Vyf aangrensende databome in 'n ry by elke lokval wat in 'n nawelboord geplaas is, is vir vrugvalopnames gebruik. Elke lokval met vyf databome is as 'n datapunt beskou. Daar is sodoende 'n totaal van 12 datapunte gebruik – 11 in die proefperseel en een in die kontrole-nawelboord. Alle afvalvrugte onder die databome is een keer per week opgetel, oopgesny en vir tekens van VKM-besmetting ondersoek. Enige vrug met 'n larwe of enige simptome van VKM-besmetting, is as besmet beskou.

c **Mededingendheid van bestraalde, losgelate motte**: Die kwaliteit van bestraalde motte is nagegaan om te verseker dat hulle mededingend met wilde motte was:

(i) **Oorvloedingsverhouding, vliegvermoë en oorlewing**: Die aantal losgelate motte wat in die lokvalle gevang is (hierbo bespreek) is gebruik om die oorvloedingsverhouding na te gaan. Dié verhouding moes verkieslik groter as 10 losgelate mannetjies tot een wilde mannetjie wees. Die loslaatrye in die proefboorde is aan die begin van die proef gemerk en motte is deurentyd in die gemerkte rye losgelaat. Aan die hand van merk&loslaatproewe wat gedurende 2005 uitgevoer was, is besluit om die motte in boomrye nagenoeg 40 m van mekaar af los te laat. Motte is met een geleentheid in Desember met twee kleure fluoriserende poeier (verskillend van die normale loslatingskleur op daardie tydstip) gemerk en in een loslaatry elk, weerskante van 'n lokvalbevattende ry losgelaat. Twee herhalings van dié uitleg, 300 m van mekaar af in die proefboorde versprei, is gebruik. Dit is gedoen om vas te stel of die mannetjies in staat was om só van loslaatry tot loslaatry te versprei dat daar nie onbehandelde dele in die boorde tussen die loslaatrye geskep sou word nie. Daar kon ook van die data afgelei word hoe lank hul in die boord aanwesig was voordat hul gevrek of buite bereik van die lokvalle versprei het.

(ii) **Paringplatforms**: Die vlieg- en opsporingsvermoë van bestraalde mannetjies en die roep(=aanlok)-vermoë van bestraalde wyfies is met behulp van paringplatforms getoets. Elke platform was 'n ronde pasteipanvormige houer van "Correx"-plastiek vervaardig en 500 mm in deursnee. Die 50 mm hoë wande het uit stywe, 1 mm dik verdigte polistireenmateriaal bestaan, wat aan die binnekant met Teflon-kleefband bedek was om motontvlugting te verhoed. Die Teflonband was om dieselfde rede bykomend met talkumpoeier bestuif. Elke platform is op so 'n wyse aan 'n 2,5 m hoë hoekysterraamwerk gehang dat dit op en af gehys kon word om mothantering en tellings te vergemaklik (Fig. 3.2.3.5).

Fig. 3.2.3.5. Paringplatform om die vlieg- en paringsvermoë van gammabestraalde mannetjies en wyfies te ondersoek.

Drie proewe is met een- tot tweedae-oue wyfies uitgevoer. In die eerste proef is 10 bestraalde en 10 onbestraalde wyfies op elke paringplatform in die proefperseel geplaas. Twintig onbestraalde wyfies is in elk van die orige twee proewe gebruik. Die linkerkantse voor- en agtervlerke van die wyfies is vooraf afgeknip om te verhoed dat hulle kon wegvlieg. Die bestraalde wyfies is met fluoriserende poeier gemerk om hulle van die onbestraaldes te onderskei. Die wyfies is om 1800 op die paringplatforms geplaas. Bykomende mannetjies is nie vir die paringsproewe losgelaat nie, maar is staatgemaak op mannetjies wat deel van die roetine-loslatings was. Dié loslatings het, soos voorheen vermeld, elke 3 tot 4 dae plaasgevind. Twee platforms is per proef gebruik. Die wyfies op die platforms is elke 30 minute onder rooi lig ondersoek om nie die motte te versteur nie. Alle motte wat tot nagenoeg 01:00 *in copulo* waargeneem is, is versigtig versamel om nie die paringsproses te versteur nie en in 30 ml plastiekbakkies geplaas. Die gepaarde motte is die volgende oggend onder UV-lig ondersoek om vas te stel of hulle bestraal was en die wyfies is daarna gedissekteer om te bepaal of paring suksesvol was. Die aanwesigheid van 'n spermatofoor in die *bursa copulatrix* van 'n wyfie is as bewys van 'n suksesvolle paring beskou. Die herkoms van die mannetjies is ook sover moontlik ondersoek, aangesien dit een van drie tipes kon wees, t.w. 'n losgelate, bestraalde P1-mannetjie (gemerk), 'n wilde mannetjie (ongemerk), of 'n F1-mannetjie (ongemerk). Laasgenoemde twee tipes mannetjies sou van mekaar onderskei kon word indien van hulle suksesvol sou paar, maar geen vrugbare eiers ná paring gelê is nie. In so 'n geval sou die betrokke mannetjie moontlik die F1-nageslag van 'n bestraalde mannetjie gewees het (indien aanvaar word dat die wyfie wel vrugbaar was).

d **Opspoor van F1-steriele VKM**: Die sukses van die SI-tegniek is op die steriele F1-beginsel geskoei. Alle bestraalde wyfies is volkome steriel na bestraling met 150 Gy en kan geen nageslag hê nie al paar hulle met wilde, vrugbare mannetjies. Daar is egter 'n klein persentasie van die losgelate mannetjies wat slegs gedeeltelik deur die gamma-behandeling gesteriliseer word. Parings van sulke mannetjies met wilde, vrugbare wyfies kan tot gevolg hê dat vrugte besmet word. Enige nageslag (F1) wat uit dié besmette vrugte ontwikkel, is egter steriel. Sulke F1-motte kan geensins in die boord met die blote oog van wilde motte onderskei word nie. Dit beteken dat ongemerkte mannetjies wat in lokvalle in SIL-boorde gevang word, nie

noodwendig wild is nie, maar ook F1-indiwidue kan wees wat uit vrugte ontwikkel het. Daar is op twee maniere tussen dié mannetjies onderskei:

(i) **Mikroskopiese tegniek**: Twintig ongemerkte mannetjies wat uit lokvalle of vanaf paringsplatforms verwyder was, 10 een- tot 2-dae oue insektariumgeteelde F1-mannetjies, asook 10 insektariumgeteelde kontrolemannetjies, is in die ondersoek gebruik. Die mannetjies se interne geslagsorgane is onder 'n mikroskoop verwyder en deur 'n spesiale proses op mikroskoop-voorwerpglasies gefikseer en met Giemsa-kleurstof gekleur (Carpenter, pers. kom.) Dié kleurstof reageer met chromatienmateriaal in spermbundels en kleur duidelik homogenies in vrugbare mannetjies. Die hoeveelheid chromatienmateriaal in die spermbundels van F1-steriele mannetjies wissel egter baie en kleur daarom nie homogenies nie.

(ii) **Herwinning van F1-motte uit natuurlik-besmette vrugte**: Vyftien afvalvrugte is met twee geleenthede in elk van die kontrole- en SIL-boorde versamel en indiwidueel in 500 ml plastiekbakkies met gaasdeksels in die laboratorium geplaas. Elke mot wat uit 'n vrug ontwikkel het, is met 'n insektarium-geteelde mot van die teenoorgestelde geslag in 30 ml plastiekbakkies ingehok. Die pare is 7 dae lank *in situ* gehou. Die mannetjies is daarna verwyder en vernietig, terwyl die wyfies gedissekteer is en vir die aanwesigheid van spermatofore (as teken dat paring plaasgevind het) ondersoek is. Die bakkies is nog 4 dae lank gehou sodat alle vrugbare eiers kon uitbroei. Die eiers is daarna onder 'n mikroskoop ondersoek om die eiermortaliteit te bepaal. Wyfies wat uit besmette vrugte herwin was en in sulke parings onvrugbare eiers gelê het, moes uiteraard die steriele F1-nageslag van 'n bestraalde mannetjie gewees het. In die omgekeerde paringskombinasie waar onvrugbare eiers die gevolg van 'n kruising tussen 'n Insektarium-geteelde wyfie en 'n herwonne mannetjie was, moes die mannetjie derhalwe ook die F1-nageslag van 'n bestraalde mannetjie gewees het.

Resultate en bespreking

Die insekdoders wat in die proefboorde gebruik was, het verbasend min uitwerking op VKM gehad en daar was geen opsigtelike afname in die totale vangste van wilde en losgelate motte nie. In die enkele gevalle waar 'n motloslating 'n nagtoediening van Lannate, Ultracide of Phosdrin voorafgegaan het, is motvangste tydelik onderdruk, maar het gewoonlik na die volgende loslating tot normaal teruggekeer. Dit is slegte nuus in terme van enige onderdrukking van die natuurlike bevolking wat 'n produsent moontlik van sulke bespuitings sou verlang het. Daar was egter ook 'n relatiewe klein en kortstondige invloed op die losgelate motte, wat beteken dat daar nie spesiale maatreëls getref hoef te word om die motte in 'n SIL-program onder kommersiële omstandighede te beskerm nie. Wat die werklike invloed ook al is, moet onthou word dat enige sodanige invloed op beide die wilde en die losgelate motte van toepassing is. Die relatiewe loslaatverhouding tussen die twee groepe motte sal dus deurentyd gehandhaaf word – indien die losgelate motte se getalle met 90% deur 'n insekdoder verminder word, sal 90% van die wilde motte ook uitgeklop word - en die *status quo* sal gehandhaaf word.

a **Lokvalopname**: Motvangste in die kontroleboord was van die begin af redelik hoog en die lokvaldrempelwaarde van 15 mannetjies per deltalokval per week is dikwels oorskry (Fig. 3.2.3.6). In teenstelling is relatief min mannetjies aanvanklik in die SIL-proefboorde gevang - selfs voordat die loslaat van bestraalde motte die natuurlike bevolking kon begin onderdruk het. Navorsing is in die verlede verskeie jare lank in dié boorde uitgevoer op verskillende aspekte van VKM-bestryding, insluitend paringsontwrigting, die lok&vrekbenadering en lokval- en feromoonontwikkeling. Lokvalopnames in daardie proewe het daarop gedui dat VKM-getalle sonder uitsondering in die begin van die seisoen klein was en dikwels eers in Februarie-Maart begin toeneem het. Dit lyk dus asof dié neiging herhaal is, met die verskil dat die motbevolking nie in dié proef later tot skadelike vlakke opgebou het nie, waarskynlik danksy die SI-loslatings.



Fig. 3.2.3.6. Vangste van valskodlingmotmannetjies in kontrole-(wild) en SIL-(wild plus F1) proefboorde.

b **Vrugvalopname**: Min vrugte is gedurende die eerste ses weke in die proefperseel en kontroleboord deur VKM besmet (Fig. 3.2.3.7). Die oesskade in die kontroleboord het daarna geleidelik gestyg en vanaf die middel van Maart het die gemiddelde vrugval deurentyd bo die ekonomiese drempelwaarde (een besmette vrug per boom per week) gebly en later tot 'n maksimum van amper ses besmette vrugte per boom gestyg. Gedurende die laaste telling wat met oesdag in die boord uitgevoer was, is 'n gemiddeld van 17 besmette vrugte per boom aangeteken. Dit verteenwoordig egter alle besmette vrugte wat op daardie dag van die bome afgepluk is en dié wat alreeds afgeval het. Dié data is daarom vir berekeningsdoeleindes weggelaat. Die algehele oesskade is egter ernstig, veral as in gedagte gehou word dat die kontroleboord se bome relatief klein was - slegs nagenoeg 1,8 m hoog. 'n Totaal van gemiddeld 51 vrugte op elke kontroleboom is vanaf middel-Desember tot oestyd deur VKM besmet. Vrugval weens VKM-besmetting in die SIL-boorde was deurentyd laag en slegs 2,9 vrugte per boom is in dieselfde tydperk deur VKM beskadig is. Die oesskade is dus met 94,3% verminder. Dit is 'n goeie resultaat en vergelyk uitstekend met die beste onderdrukking wat in die verlede met enige chemiese insekdoder verkry was.



Fig. 3.2.3.7. 'n Vergelyking van oesskade weens valskodlingmotbesmetting in kontrole- en SIL-proefboorde.

c **Mededingendheid van bestraalde, losgelate motte**:

(i) **Oorvloedingsverhouding, vliegvermoë en oorlewing**:

- **Oorvloedingsverhouding**: Die oorvloedingsverhouding van losgelate tot ongemerkte (wilde plus F1-mannetjies) het heelwat met verloop van die proef gewissel (Fig. 3.2.3.8). Die verhouding het tot aan die

einde van Maart van 40:1 tot 180:1 gewissel. Daarna, tot aan die begin van Mei, het die aantal wilde mannetjies effens toegeneem en die verhouding het tot tussen 10:1 en 20:1 gedaal. Dit is die vlak wat as mikpunt vir doeltreffende VKM-onderdrukking deur SIL gestel is. Die gemiddelde nagtemperature het daarna gedaal en selde bo 10°C gestyg, wat die aktiwiteit van beide losgelate en ongemerkte mannetjies aan bande gelê het. Die oorvloedingsverhouding het onder dié toestande tot minder as 10:1 afgeneem.



Fig. 3.2.3.8. Gemiddelde lokvalvangste van ongemerkte (wild en F1-nageslag) en bestraalde, losgelate mannetjies in SIL-proefboorde.

- **Vliegvermoë**: Mannetjies wat met die twee kleure fluoriserende poeier gemerk was, is binne 4 dae na loslating in onderskeidelik 8 en 11 van die 13 lokvalle gevang. In 'n tweede telling 12 dae later is van dié mannetjies in onderskeidelik 6 en 7 van die 13 lokvalle aangetref. Dié vangste dui daarop dat die mannetjies goed versprei en beslis nie tot die loslaatrye of in die onmiddelike omgewing daarvan, verbind bly nie. Die meeste mannetjies is in 'n lokval 40 m van die naaste loslaatry af gevang. 'n Redelike aantal mannetjies is 185 m ver in lokvalle gevang, terwyl een mot binne die eerste 4 dae na loslating in 'n lokval 285 m van die naaste loslaatpunt af gevang is. Dié data bevestig dat die 40 m afstand tussen loslaatrye goed genoeg is om 'n groot mate van oorvleueling tussen motte wat in aangrensende rye losgelaat is, te bewerkstellig, wat verseker dat hulle wilde motte maklik sal kan bereik.

- **Oorlewing**: Die meeste mannetjies is binne 3 tot 4 dae na loslating in die lokvalle gevang. Mannetjies van elke loslating is ook deurgaans in die proef 'n week na loslating in veel kleiner, maar steeds beduidende getalle, in die lokvalle aangetref. Vangste het daarna afgeneem, alhoewel mannetjies van 'n betrokke loslating dikwels tot twee weke later nog in lokvalle opgemerk is. Dit bevestig dat dubbele loslatings elke week goed genoeg is om te verseker dat daar deurentyd bestraalde, lewenskragtige mannetjies in die boorde sal wees om op wyfies se roepseine te reageer. Dié eienskap dra uiteraard daartoe by dat wilde wyfies 'n goeie kans het om deur bestraalde mannetjies gedek te word en sodoende tot 'n kleiner nageslag by te dra. Alhoewel dit onmoontlik is om vas te stel wat die toedrag van sake in die geval van die losgelate wyfies is, kan daar redelikerwys aangeneem word dat hulle ook minstens só lank bly lewe het en derhalwe ook tot die onderdrukking van die wilde bevolking bygedra het.

(ii) **Paringplatforms**: In die eerste proef het geen paring tot 10:00 die aand plaasgevind nie en is waarnemings gestaak. Lesings het getoon dat die temperatuur kort na sonsondergang alreeds om en by 16°C was. Dié koue het motaktiwiteit waarskynlik onderdruk. Dié verskynsel stem ooreen met waarnemings in vorige proewe (CRI-jaarverslag vir 2004, Fig. 3.2.5.39) ten opsigte van die inaktivering van VKM-geslagsaktiwiteit deur temperatuur laer
as nagenoeg 16°C.

In die tweede proef is 5 paar motte op die twee platforms vanaf 22:30 tot 24:00 *in copulo* versamel. Waarnemings vir die aand is om 01:00 afgesluit toe geen verdere paringsaktiwiteit waargeneem is nie. Die motte is *in situ* gelos en die volgende oggend om 07:30 is 'n sesde paartjie *in copulo* versamel. Al 6 mannetjies het onder UV-lig gefluoriseer en was dus bestraalde, losgelate mannetjies. Die mannetjies is 3 dae vroeër losgelaat en staaf bogenoemde data dat bestraalde mannetjies van dié ouderdom nog steeds seksueel aktief is. Een van die 6 betrokke wyfies het slegs onvrugbare eiers gelê, terwyl die orige wyfies eiers gelê het waarvan 50-80% nie uitgebroei het nie – dus 'n tipiese P1-bestraalde mannetjiereaksie. Daar is by nie een van die gepaarde wyfies 'n enkele spermatofoor in hul bursae copulatrix gevind nie. Dit dui

daarop dat spermatofore moontlik nie met die eerste paring gevorm word nie, maar slegs in daaropvolgende parings.

In die derde proef is 3 paar motte op die twee platforms vanaf 21:30 tot 22:00 *in copulo* versamel. Die temperatuur het daarna tot onder 16°C gedaal en geen verdere motaktiwiteit is waargeneem nie. Al 3 mannetjies het onder UV-lig gefluoriseer en was dus bestraalde, losgelate mannetjies. Die mannetjies in dié proef was 4 dae vroeër losgelaat. Al 3 wyfies het vrugbare eiers gelê, maar eiermortaliteit was weer eens hoog en het van 57-95% gewissel. Dit is weer kenmerkend van bestraalde P1-mannetjies wat grotendeels steriel is. Die wyfies en mannetjies van al 3 pare het voor 24:00 geskei. Een van die pare was egter alweer teen die volgende oggend aan die paar en 'n spermatofoor is in dié wyfie gevind, in teenstelling met die ander twee, waar geen spermatofore aanwesig was nie. Dit dien as verdere bevestiging dat spermatofore nie gedurende die eerste paring gevorm word nie. Vrugbare eiers is egter wel gelê, waar daarop dui dat vrugbare sperme desnieteenstaande met sukses oorgedra kan word.

d **Opspoor van F1-steriele VKM**:

(i) **Mikroskopiese tegniek**: Mikroskooppreparate is van 40 mannetjie se geslagsorgane gemaak en mikroskopies ondersoek. Tekens van verskille in die hoeveelheid chromatienmateriaal tussen die verskillende motgroepe is gevind. Die verskille was egter te wisselvallig om tot 'n gevolgtrekking te kom oor die bruikbaarheid van dié metode om tussen normale en steriele F1-motte te onderskei. Navorsing sal voortgesit word om die tegniek verder te ondersoek.

(ii) **Herwinning van F1-motte uit natuurlik-besmette vrugte**: In twee kruisings tussen insektariummotte en herwonne motte uit die kontroleboord, is geen vrugbare eiers gelê nie. Spermatofore is ook nie in die gedissekteerde wyfies gevind wat op onsuksesvolle paring gedui het. 'n Verdere 8 kontrolekruisings het almal vrugbare eiers tot gevolg gehad; die natuurlike eiermortaliteit was nagenoeg 5% – uit vorige ervaring 'n normale verskynsel. Al 24 kruisings tussen insektariummotte en herwonne motte uit die SIL-boorde was suksesvol – spermatofore is in alle wyfies gevind. Die natuurlike eiermortaliteit in kruisings waar vrugbare eiers gelê was, was normaal. Vyf van die 24 kruisings het egter slegs onvrugbare eiers tot gevolg gehad en die gevolgtrekking kan gemaak word dat die herwonne mot in elkeen van dié parings die steriele F1-nageslag van bestraalde VKM was. Dié nagenoeg 20% onvrugbare parings lyk relatief laag en en moet 'n direkte weerspieëling van die persentasie F1-steriele motte in die proefperseel wees. Dié verskynsel skyn moeilik vereenselwig te word met die groot sukses waarmee vrugte in die SIL-boorde teen VKM-besmetting beskerm was. Die uitwerking van die loslating van groot getalle steriele wyfies en deels-steriele mannetjies moet dus 'n baie groot direk-onderdrukkende invloed op die natuurlike bevolking hê. Daar moet onthou word dat die bykomende beskikbaarheid van groot getalle wyfies in die SIL-boorde ongetwyfeld die aandag van wilde, vrugbare mannetjies geniet het. Die kans dat sulke mannetjies by wilde, vrugbare wyfies kan kom, word verminder en vrugbesmetting word sodoende voorkom. Dié verskynsel kan die loslating van beide geslagte regverdig (wat somtyds bevraagteken word). Die bydraende invloed van F1-steriliteit is derhalwe moontlik nie so belangrik as wat gereken is nie.

Ondanks die verskeie tegnieke wat toegepas was om die doeltreffendheid van die loodsproef te evalueer, kan daar nog steeds 'n mate van twyfel oor die oënskynlik goeie resultaat in vergelyking met die kontroleboord bestaan. Bestraalde VKM is van die begin van die seisoen af in die proefboorde losgelaat toe daar geen tekens van 'n werklike of selfs potensieel beduidende VKM-besmetting was nie. Die omvang van die oesskade wat later in die seisoen deur 'n natuurlike VKM-bevolking van onbekende grootte in die afwesigheid van SIL aangerig sou gewees het, kan dus nie bereken word nie. Die enigste wyse waarop 'n beter idee (maar nog steeds nie bo alle twyfel nie) verkry sou kon word, sou gewees het om 'n onbehandelde kontroleboord aangrensend aan die SIL-terrein te gebruik. Selfs dan sou die werklike besmettingsvlakke nog nie bo alle twyfel vasgestel kon word nie, aangesien daar 'n goeie kans sou wees dat losgelate motte na die kontroleboord sou versprei (sien latere bespreking hieronder). Ander faktore moet derhalwe in aanmerking geneem word om die verkreë resultate in perspektief te plaas, naamlik:

- Die 35 ha sitrusboorde wat vir die SIT-loodsprojek gebruik was, is alreeds dikwels in die verlede vir proefdoeleindes gebruik. Historiese inligting wat ingewin was, toon dat die betrokke proefboorde elke seisoen sonder uitsondering aan matige tot hewige VKM-besmetting blootgestel was.

- Baie boorde in die Olifantsriviervallei wat nie gedurende 2005-2006 met behulp van 'n intensiewe bestrydingsprogram (boordsanitasie, paringsontwrigting met Isomate en/of 'n Cryptogran-bespuitingsprogram) behandel was nie, hewig deur VKM besmet geraak het.

Beide bogenoemde faktore versterk die aanname dat daar inderdaad 'n uitstekende kans is dat die SIL-proefboorde hewig deur VKM besmet sou gewees het indien die SIT nie doeltreffend was nie.

A3 **Ontwikkeling van toerusting vir die nuwe SIT-insektarium**:

(a) *Eierlê-houers ("eierpanne")*: In VKM-insektaria word eiers deur wyfiemotte onder huishoudelike meelsiwwe (200 mm deursnee) op waspapier gelê. Dié tegniek is egter om verskeie redes ondoeltreffend:

- Die waspapier word swak benut omdat 'n groot gedeelte daarvan op die hoeke ('n ronde sif op 'n vierkantige stuk papier) weggegooi moet word.
- Die siwwe word langs mekaar op rakke gepak wat baie spasie in beslag neem.
- Motaktiwiteit onder die siwwe veroorsaak dat die motte hulle skubbe verloor. Dié skubbe versamel nie net onder die siwwe op die waspapier nie, maar dring deur die siwwe en versprei op die rakke en in die vertrek waarin eierlegging plaasvind. Dit hou 'n groot gesondheidsgevaar vir alle mense in die omgewing in.

Dit was derhalwe nodig om 'n alternatiewe houer te ontwikkel wat vir die versameling van die eiers gebruik kan word. 'n Vleklose staal "eierpan" is ontwerp wat 'n eierlê-oppervlakte van 1200 cm^2 het, in vergelyking met 314 cm^2 van 'n enkele sif. Dit het dus die oppervlakte van nagenoeg vier siwwe, maar beslaan slegs die bruikbare spasie wat deur twee siwwe in beslag geneem word. Elke eierpan het 'n soliede bodem, dak en wande met splete op strategiese plekke om die waspapier te manipuleer en water aan die motte te verskaf. Elke eierpan word aan 'n outomatiese lugsuigstelsel gekoppel wat los skubbe na 'n sentrale punt in die insektarium uitsuig waar dit versamel en vernietig word. Dié stelsel skakel skubbesoedeling amper volledig uit. Nagenoeg 270 van dié eierpanne word in die nuwe insekatrium benodig. Een probleem moet nog opgelos word, naamlik 'n gewoonte van die motte om hul eiers nie slegs op die bodem van die eierpanne op die waspapier te lê nie, maar ook op die dak en wande. Laasgenoemde moet dus met 'n materiaal bedek word wat nie 'n gunstige oppervlakte vir eierlegging bied nie. Verskillende grade skuurpapier, tapytmateriaal, sandgeblaasde metaal, vleklose staal gaasdraad en 'n verskeidenheid Velcro-tipes (die hakiekant) is getoets. Alhoewel daar 'n groot reeks materiaal, beide van natuurlike of sintetiese oorsprong te kry is, is hulle deurgaans nie geskik om in die eierpanne vasgeheg te word nie. Slegs die vleklose staal gaasdraad en een tipe Velcro het enige belofte getoon en word tans verder ondersoek. Eiers is op al die ander proefmateriale gelê.

(b) *Alternatiewe teelflesse vir VKM-larwes*: Larwes kan op twee maniere geteel word, naamlik in dieët wat in oop of toe houers geplaas word. Eersgenoemde houers hanteer makliker in 'n massateel-prosedure, maar het die groot nadeel dat dit in 'n vertrek gebruik moet word wat so steriel is dat infeksies van die dieët en die larwes wat daarin voed, deur skadelike organismes soos bakterieë, swamme en virusse verhoed kan word. Alhoewel nie onmoontlik nie, is sulke tegnologie duur en veeleisend om toe te pas. Indien iets verkeerd sou loop, word die produksie van 'n hele vertrek in gevaar gestel. In teenstelling hiermee, word 'n toe houer (glasflesse in VKM-insektaria) as 'n geslote, steriele stelsel hanteer. Dit skakel die gebruik van gespesialiseerde steriele vertrekke uit. Enige infeksie is ook gewoonlik tot slegs 'n gedeelte van die flesse beperk en die potensieel katastrofiese invloed van enige infeksie kan sodoende makliker beperk word.

Die probleem met heuningflesse (375 ml inhoudsmaat), wat tradisioneel in alle VKM-insektaria gebruik om die larwes in te teel, het onder andere twee probleme. Eerstens is die flesse te klein om in 'n massateelstelsel te gebruik. Elke heuningfles word met nagenoeg 140 g aangemaakte VKM-dieët gevul, wat meebring dat 20 000 van dié flesse per dag in die nuwe insektarium gebruik sal moet word om die vereiste aantal motte te teel. Tweedens word die flesse met watteproppe toegemaak. Dit is omslagtig en duur om die watte te gebruik, terwyl blootstelling aan die mikroskopiese wattevesels wat vrylik tydens hantering afgegee word, binne 'n kort rukkie uiters irriterend vir werkers raak en dus 'n gesondheidsgevaar inhou. Daar is dus gepoog om die bestaande blikdeksels, wat saam met die flesse verskaf word, só te verander dat dit die watte kan vervang. 'n Gat van 25 mm tot 50 mm deursnee is in verskillende deksels gemaak. Elke gat is met 'n membraan toegemaak wat saam met die deksel op die fles kon vasskroef. Verskeie alternatiewe glasflesse, gate van verskillende groottes en 'n verskeidenheid papiermembrane, is op die proef gestel. Slegs twee glasflesse is gevind wat hoegenaamd in terme van grootte en vorm vir die doel geskik sou wees, te wete 'n 500 ml blatjangfles (90 mm hoog x 100 mm breed) en 'n afgespitste 500 ml inlêfles (140 mm hoog x 85 mm breed bo en 65 mm breed onder), beide van Consul Glass. Meer dieët kon in beide dié flesse gebruik word, wat potensieel tot 'n groter larweproduksie per fles sou bydra. Afhangende van die hoeveelheid dieët wat per fles gebruik word, sou die aantal flesse wat gebruik moes word tot minder as 10 000 per dag verminder kan word. Dit is 'n beduidende arbeidsbesparende vermindering. Vyf proewe is uitgevoer om die produksievermoë van die flesse met die heuningflesse te vergelyk. Die volgende is vasgestel:

- Wanneer die larwes volwassenheid nader, word die dieët deeglik deurgewerk, wat tot gevolg het dat die dieëtvlak in die flesse "rys". Daar is gerieflik plek vir tot drie keer meer dieët (3x-dieët) in

die blatjang- en inlêflesse as in die heuningflesse, naamlik 420 g dieët per fles. Die deurgewerkte dieët in die blatjangflesse het egter tot teen die deksels “gerys”, wat ongewens is. Daarnenewens het ’n gedeelte van die dieët onder in die blatjangflesse nat gebly en die larwes het dié dele vermy. Dit het meegebring dat die produksie per fles afgeneem het en daar nie soveel meer larwes per fles geproduseer is dat dit die 50% bykomende hoeveelheid dieët geregverdig het nie (Fig. 3.2.3.9). Dié verskynsel is ook by die 375 ml heuningflesse en die 500 ml inlêflesse, beide met 2x-dieët, waargeneem, wat hulle as potensieel-bruikbare flestipes uitgeskakel het.



Fig. 3.2.3.9. Aantal valskodlingmotte wat in blatjangflesse met 2x- en 3x-dieët geproduseer was (#90, #125 en #140 is verskillende grade papiermembrane wat in die flesdeksels getoets was).

Die blatjangflesse met 2x-dieët het veel beter as die heuningflesse pesteer en daar kon nagenoeg dubbel soveel larwes per fles as met ’n heuningfles geproduseer word (Fig. 3.2.3.10).



Fig. 3.2.3.10. Aantal valskodlingmotte wat in twee verskillende flestipes geproduseer kan word.

Van verskeie membraantipes wat getoets was, het Sappi Kraft Stratoseal die beste in kombinasie met ’n 40 mm deursnee dekselgat presteer. Die Stratoseal is ’n 80 g/m^2 graad papier wat natword verdra en toelaat dat die dieët teen die verlangde tempo uitdroog sonder om uitermatig nat te bly of te vinnig uit te droog. Dié membraan het die beste resultaat saam met ’n 40 mm deursnee dekselgat gegee.

- Larwes wat in flesse met drie keer die normale dieët geteel word, ontwikkel baie stadiger as larwes in flesse met twee keer die hoeveelheid dieët (Fig. 3.2.3.11). Dit is ongewéns aangesien die ontwikkelingstempo so vinnig as prakties moontlik moet wees om die gebruik van meer toerusting, wat deur ’n stadiger ontwikkelingstempo teweeggebring sal word, te verhoed.



Fig. 3.2.3.11. Ontwikkelingstyd van valskodlingmot in 2x- en 3x-dieët in 500 ml blatjangflesse.

- 'n Beperkte aantal insekte kan per fles geteel word met beide die heuning- en blatjangflesse. Indien dié aantal oorskry word, word die insekte kleiner. Dié grens is nagenoeg 300 motte per heuningfles (Fig. 3.2.3.12) en 600 motte per blatjangfles (Fig. 3.2.3.13).



Fig. 3.2.3.12. Produksie van valskodlingmot in 375 ml inhoudsmaat heuningflesse met 140 g dieët per fles.



Fig. 3.2.3.13. Produksie van valskodlingmot in 500 ml inhoudsmaat blatjangflesse met 280 g dieët per fles.

Die invloed van grootte op die mededingendheid en lewensverwagting van verskillende groottes VKM is nie ondersoek nie. Gegewens wat in die VSA vir Pienkbolwurm, *Pectinophora gossypiella*, ingesamel is, dui daarop dat kleiner mannetjies gedurende die eerste paar dae na ontpopping goed met groter eweknieë meeding (Miller, pers. kom.). Hul lewensverwagting is egter nog nie ondersoek nie en dit is moontlik dat kleiner motjies nie so lank soos grotes sal lewe nie.

- **Alternatiewe pupeersubstraat**: Larwes in die bestaande insektaria pupeer in die watteproppe op die heuningflesse. Daar moet dus 'n alternatief ontwikkel word sodat larwes wat in die blatjangflesse volwassenheid bereik, plek vir pupering het. Daar is relatief min substrate wat vir dié doel geskik is. Slegs twee is die moeite werd geag om verder te ondersoek, naamlik vermikuliet en 'n heuningkoekmateriaal wat algemeen in die lugvaartbedryf gebruik word. Die vermikuliet was 'n goeie pupeersubstraat en die larwes het goed daarin pupeer. Dit is egter relatief duur om op groot skaal te gebruik aangesien dit nie hergebruik kan word nie. Dit moet ook in plat panne aan larwes blootgestel word, wat bykomende koste meebring. Die heuningkoek kan in verskillende materiale verkry word wat van vleklose staal tot aluminium, verskeie plastiekstowwe en aramiedpapied met fenoliese hars geïmpregneer, te kry is. Dit is gewoonlik in verskillende diktes en in 'n verskeidenheid selgroottes beskikbaar (Fig. 3.2.3.14).



Fig. 3.2.3.14. Heuningkoekmateriaal vervaardig van aramiedpapier (links) en polipropileenplastiek (regs).

Die heuningkoekmateriaal het ook goed gewerk en die larwes het vrylik daarin pupeer (Fig. 3.2.3.15). Daar is dus besluit om belangrike aspekte van die teelstelsel om dié materiaal te ontwikkel. 'n Draadraammandjie is ontwerp waarin 25 dieëtgevulde teelflesse regop geplaas kan word. Wanneer die larwes gereed maak om te pupeer, word die flesdeksels verwyder en die flesse word op hul sye geplaas, sodat die larwes maklik daaruit kan klim. Die draadmandjies is só ontwerp dat 'n heuningkoekvel van geskikte grootte onder die flesse ingeskuif kan word. Waanneer die larwes die flesse verlaat, sak hulle direk met sydraadjies af op die heuningkoekvel en pupeer in die selle. Wanneer pupering afgehandel is, word die heuningkoekvel verwyder en in 'n motontpoppingskabinet geplaas sodat die papies 'n paar dae later kan ontpop. Dié stelsel is nog nie ten volle ontwikkel nie en aspekte soos die heuningkoekmateriaal se eienskappe en die draadmandjies word nog verfyn.



Fig. 3.2.3.15. Plastiekheuningkoek met valskodlingmotkokonne in die selle.

Daar is gedurende bogenoemde navorsing waargeneem dat die larwes, nadat hulle die teelflesse verlaat het, 'n instinktiewe drang het om te versprei en nie onmiddelik, selfs onder omstandighede wat as ideaal beskou word, wil begin om kokonne te spin nie. Dié gedrag van die larwes is nie tot die heuningkoekmateriaal beperk nie, maar is opgemerk terwyl ander pupeersubstrate ook getoets is. In proewe het tot 40% van die larwes die pupeersubstraat verlaat en weggeloop, wat uiteraard nie in die praktyk geduld kan word nie. 'n Reeks proewe is uitgevoer om toerusting te ontwikkel waarmee die larwes op die pupeersubstraat ingeperk kan word. Daar is gevind dat geen gladde oppervlakte of meganiese versperring van enige aard (ingesluit 'n versperring wat alreeds internasionaal vir die inperking van bolwurmlarwes gebruik was), VKM-larwes kan inperk nie. 'n Geslote houer sou uiteraard doeltreffend wees, maar dit is nie as prakties beskou om sulke toerusting te ontwikkel nie. Die enigste doeltreffende versperring wat getoets was, was 'n elektriese versperring. 'n Wisselstroom van nagenoeg 12V het die larwes doeltreffend sonder ooglopende nadelige gevolge afgeweer en gesorg dat hulle tot die pupeersubstraat beperk word. Ontwikkeling van dié versperring vir grootskaalse gebruik word voortgesit.

- **Motloslaattoerusting**: Die motte wat vir SIL geteel word, moet op een of ander wyse in die boorde losgelaat word. Sulke loslatings kan met die hand deur arbeiders, of meganies met 'n masjien, gedoen word. Eersgenoemde tegniek is gebruik om motte in die loodsprojek (Afd. A2) los te laat. Dit is egter arbeidsintensief en die tegniek sal nie koste-doeltreffend op 'n bevredigende manier op 6 000 ha sitrus toegepas kan word nie. Daar is dus begin om toerusting te ontwerp wat gebruik kan word om motte van 'n vierwielmotorfiets af los te laat. Soortgelyke toerusting word kommersieel in Kanada gebruik om Kodlingmot in 6 000 sagtevrugte deur middel van SIT te bestry. Een van dié masjiene (Fig. 3.2.3.16) is deur USDA-ARS vir navorsing aan CRI geskenk. Die toerusting is getoets, maar was ontoereikend en sou selfs met veranderinge nie vir die loslaat van VKM geskik wees nie. Die grootste enkele probleem was dat koue-geïmmobiliseerde Kodlingmot met die apparaat versprei word. Die motte kan nie vlieg wanneer hulle losgelaat word nie en beland op die grond. Hier ontdooi hulle mettertyd en soek dan skuiling. Wanneer die

motte in 'n aktiewe toestand in die apparaat geplaas word, klou hulle in bondels saam en verstop sodoende die toerusting.



Fig. 3.2.3.16. Motloslaattoerusting op 'n vierwielmotorfiets gemonteer wat vir die loslaat van Kodlingmot in Kanadese appelboorde gebruik word.

VKM kan nie onder suider-Afrikaanse klimaatsomstandighede in 'n koue-geïmmobiliseerde toestand losgelaat word nie, aangesien hulle op die warm grond tussen die bome sal doodbrand voordat hulle hul beweegbaarheid kan herwin. Alternatiewe toerusting is daarom ontwerp waarmee die motte in hul aktiewe toestand losgelaat kan word (Fig. 3.2.3.17). Vollediger inligting oor dié apparaat sal bekend gemaak word wanneer sekere noodsaaklike veranderings aangebring is en dit behoorlik getoets is.



Fig. 3.2.3.17. 'n Apparaat vir die loslaat van gesteriliseerde valskodlingmot in sitrusboorde. Die toerusting word op 'n vierwielmotorfiets vasgebout.

- **Dieëtsterilisasie**: Dieëtgevulde teelflesse moet gesteriliseer word voordat VKM-eiers daarop ingeënt word. Dié proses word gewoonlik met behulp van outoklawe gedoen. Dié apparaat is egter te klein en te duur om in 'n massateelsituasie te gebruik. Die outoklawe in Ceder Biocontrol se insektarium te Citrusdal was gestel om 'n lugtemperatuur van 120°C te verskaf wat vir 20 minute teen nagenoeg 1,2 kg/cm² druk gehandhaaf moes word. Dit was nie moontlk om die dieëttemperatuur in die outoklawe te bepaal nie. 'n Konveksie-tipe oond is terselfdertyd vir 'n kort rukkie in die insektarium vir dieselfde doel gebruik. Gebruiksaanwysings vir die oond is op 'n subjektiewe wyse deur die insektariumbestuur benader en was grotendeels gebaseer op die voorkoms van die dieët na hittebehandeling, asook die sukses waarmee swam- en virusbesmettings daarna in die VKM-kultuur verhoed is. Enkele metings van lugtemperatuur gedurende die aanvangstydperk het daarop gedui dat die lugtemperatuur om en by 150°C was. Geen metings van dieëttemperature was moontlik nie. 'n Ondersoek is deur die skrywer geloods om die hittevereistes vir deeglike dieëtsterilisasie vas te stel. Sekere metings is uitgevoer, maar voordat die ondersoek afgehandel kon word, is die konveksie-oond deur die insektarium verkoop:

'n Digitale termometer met 'n teflon-bedekte termokoppel is gebruik om lug- en dieëttemperature in die oond gedurende die normale gebruik daarvan te meet. Die verhittingstyd het deurgaans 30 minute lank geduur, waarna die oond outomaties afgeskakel het. Die lug- en dieëttemperatuur in die oond het wesenlik verskil na gelang van die posisie van die termokoppel in die oond en hoeveel teelflesse daar in die oond was. Die metings het aangetoon dat die dieëttemperatuur gedurende die 30 minute verhittingstyd vinniger gestyg het indien die oond halfvol teelflesse gepak was, as wanneer dit volgepak was (Fig. 3.2.3.18). Die lugtemperatuur het binne 20 minute 'n maksimum van 160°C bereik en daarna gestabiliseer. Die teelflesse was egter veel kouer en die temperatuur daarin het aanhou styg gedurende die 30 minute voordat die oond afgeskakel het en geen verdere verhitting kon plaasvind nie. Die afkoelkurwe van die dieët in die flesse is nie ondersoek nie. Die lug- en dieëttemperature (volgepakte oond) het wesenlik van mekaar verskil – onderskeidelik ca. 165°C en 75°C. In 'n halfvol-gepakte oond het die dieëttemperatuur tot ongeveer 93°C gestyg. Goeie dieëtsterilisasie is deurgaans gehandhaaf, wat daarop dui dat 'n dieëttemperatuur van om en by 75°C waarskynlik voldoende is.



Fig. 3.2.3.18. Dieët- en lugtemperature in 'n konveksie-oond gedurende dieëtsterilisasie (groen, pers en blou = heuningflesse; Rooi = blatjangflesse). "Halfvol" en "vol" verwys na die aantal teelflesse wat in die oond gepak was.

Dit is interessant om daarop te let dat pasteurisasie plaasvind wanneer 'n produk tot 77°C vir 30 sekondes verhit word (temperatuur en tyd verskil effens afhangende van welke produk gepasteuriseer word). Die dieëttemperatuur van amper 75°C wat gemeet is, grens dus redelik naby aan wat as 'n gemiddelde pasteurisasieproses beskou kan word en is moontlik 'n aanduiding dat die uiteindelike behandeling wat vir dieëtsterilisasie ontwikkel word, nie veel sal verskil nie.

Daar word beoog om 'n dieselaangedrewe oond in die nuwe Xsit-insektarium in te bou. Bogenoemde inligting sal as basis dien vir 'n voortgesette ondersoek waarin die benodigde verhittingskedule noukeuriger vasgestel sal kan word. Dit sal tot gevolg hê dat spesifikasies vir die bedryf van die Xsit-oond opgestel sal kan word.

- **Teelfles-dekselmembrane**: Daar is vantevore gemeld dat ondersoeke geloods is wat ten doel gehad het om die watteproppe met 'n praktieser stelsel te vervang. Verskeie proewe is uitgevoer om die produksievermoë van die groter blatjangflesse met die bestaande heuningflesse te vergelyk (Fig. 3.2.3.19).

Die invloed van deksels met verskillende groottes gate daarin, op vogverlies uit die flesse, is in 'n volgende proef ondersoek.

Fig. 3.2.3.19. Toetsing van verskillende teelflesse, hoeveelheid dieët en deksel/membraankombinasies.

Gedurende die verloop van verskeie proewe is opgemerk dat die dekselmembrane van enkele flesse gedeeltelik gedurende die hittesterilisasieproses losgeskeur het. Dié membraanskeure het die vorm en grootte van die gat in die deksel gehad en die halflos stuk membraan is in die fles ingetrek. Daar word vermoed dat druk in die flesse opbou gedurende verhitting, die membrane nat word van die stoom in die flesse en dan skeur. Dit is onbekend waarom die geskeurde membraan in die fles ingetrek word – tensy dit slegs inkrul wanneer dit droog word. Dié probleem is ook ondersoek. Die volgende behandelings is getoets (Tabel 3.2.3.1):

Tabel 3.2.3.1. Verskillende behandelings om die invloed van los en vasgedraaide deksels op membraanbeskadiging en vogverlies uit teelflesse te ondersoek

Tipe fles	Flessluitstelsel	Grootte van gat in deksel	Deksel los of vasgedraai op fles
Heuningfles	Watteprop		
Blatjangfles	Sappi Stratoseal 80-membraan	-	-
Blatjangfles	Sappi Stratoseal 80-membraan	40 mm	Los
Blatjangfles		40 mm	Vas
	Sappi Stratoseal 80-membraan	40 mm	Los inmaakflesdeksel*
		50 mm	Los
	Sappi Stratoseal 80-membraan		

- VKM beheer : Navorsing vir alternatiewe ekonomies aanvaarbare strategie.
- Botrytis: Terugvoer van Tian rakende sy navorsing op suurlemoene in die Wes Kaap.

Algemeen

- Meeste veranderinge in prioriteite is afwaarts aangepas.

PAARL / STELLENBOSCH

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Hoogste prioriteit: Effektiewe beheer van VKM.
- Abamectin: 60 ml/100l water registrasie op sitrus moet gedoen word.

Program: Siektebestuur

- Vergroening is 'n bron van kommer.
- Vergroening: PCRs moet nie alleen jaarliks in Jul/Aug gedoen word nie maar ook in Mei vir sagtesitrus.
- Rhizopus: Effektiewe beheer op Satsumas.
- Effek van klimaatsveranderinge op sitrusverbouing en potensiële patologiese en pesgevare in die Wes Kaap moet bestudeer word.
- Verhoog Na-oespatologie kapasiteit.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Saadprobleme op laat mandaryne wat veronderstel is om saadloos te wees. Navorsingsbefondsing van probleme op patentkultivars.
- Verfyn aanbevelings vir Gibb bespuitings op laat hang van kultivars en bepaal effek op raklewe.
- Ringelering: Ondersoek effek op nuwe kultivars.
- Blommanupilasie en vrugset: Riglyne vir nuwe mandaryn kultivars soos Mor en Or.

Program: Geïntegreerde Plaasbestuur

- VKM: Surround se effek op FCM moet ondersoek word.
- Bestudeer die effek van koue sterilisasie op VKM na toepassing van "step down" temperatuur protokolle.
- Knopmyt en bolwurmbeheer vereis meer navorsing a.g.v. skade op nawels.
- Onafhanklike evaluering van Maxim.

Algemeen

- LNR teëlprogram. Die verwydering tussen ITSG en CGA moet besleg word.
- Residukontaminasie tussen sitrus en sagtevrugte dmv kratte. Nie navorsing, maar waarskuwing moet uitgaan na kratverskaffers en produsente.
- Plaas Produksieriglyne op website en hou dit opgedateer. Slegs vir SA sitrusprodusente.
- Algemeen: Opvolger vir Hendrik Hofmeyr moet opgelei word.

SUID-NATAL

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- No 1 = Red mite (not listed in table).
- Suurlemoene: Word die motskade veroorsaak deur "Honeydew moth" of *Pray citri*?
- Fullers Rose Weevil: Potensiële "hitch hiker" gevaar na Japan. Versoek beheermaatreëls.
- Abamectinbespuitings: Hoe om weerstand te vermei? 2x10ml bespuiting teenoor 1x20ml.

Geen ander veranderinge in navorsingsprioriteiete.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Hoogste prioriteit: Vrugset en vruggrootteverbetering van Rustenburg nawels.
- Vruggrootteprobleme op Rustenburg nawels, suurlemoene en Midknights moet aangespreek word.

- Skildikte/sappersentasie probleme op Turkeys.
- Rustenburg: Nie alleen swak vruggrootte, ook swak set en vrugsplitprobleme.

Program: Siektebestuur

- Sogenaamde virus probleem op nawels moet opgevolg word. (Kontak Ballie Wahl en hoor waarom hy van mening is dat dit 'n virus is).
- Suurlemoenprobleem: Botrytis of windskade?
- Vergroeningswerkswinkel om voorkomende aksies te kan neem en die gebied vergroeningsvry te hou.

SWARTLAND

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- No 1 = FCM.

Algemeen

- Nuwe studiegroep.
- Eerste keer dat hulle navorsingsprioriteite bepaal het.

SWELLENDAM

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- No 1 = FCM.
- Insidensie van FCM was nog altyd laag, maar neem vinnig toe.
- Beheer van wasdopluis.

Program: Siektebestuur

- Hoogste prioriteit: Vergroeningsnavorsing.
- Bevestig dat die fosfonate op die mark se aktiewe bestandele vergelykbaar is. Kyk na effek van onsuiwerhede.
- Bevestig of Surround wel maklik afwas in pakhuis. Produsente beweer dat dit nie die geval is in teenstelling met Graham se opinie.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Effek van ringelering op raamtakke vs hoofstam op terugsterwing / boomtoestand en alternatiewe drag van laat mandaryne.
- Kyk na koolhidraatvlakke in wortels en die effek daarvan en Fusariumwortelvrot op die agteruitgang van laat mandaryne.
- Protokol t.o.v. verskepingstemperature vir verskillende kultivars.

Program: Kultivar en Onderstamontwikkeling

- Herondersoek van kruisbestuiwingseffek van al die nuwe kultivars. (Laat mandaryne het heelwat probleme gegee met saad in 2005).

VAALHARTS

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Hoogste prioriteit: Witluisbeheer.
- Kry heelwat afkeurings na VSA vroeg in die seisoen a.g.v. witluis.
- Kouebestuur is 'n groot probleem in die area.

- Fitosanitêre plae is nie oral goed onder beheer nie – sommige produsente voer nie meer uit nie en beheer nie hul plae nie.

Program: Siektebestuur

- Alternaria kernverrotting op nawels. Voorspellingsmodel en beheer.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Vruggrootte was meesal vanjaar groot landswyd. In Vaalharts was dit nie die geval nie. Na Mei maand is daar geen vruggroei meer, waarskynlik a.g.v. koue. Hoe kan vruggrootte voor Mei maand vinniger toeneem?
- Hoë suur op Valencia tipes.

Algemeen

- Gebied is tevrede met navorsing, nie met voorligting. Hoop dat Areavoorligtingsbestuurder se aanstelling die situasie sal verbeter.

Additional Research Priorities 2006/2007: priority 3 allocated for each priority listed below.

Programme: Disease Management

- Sudden decline in Clementines in the Eastern Cape. Positively ID the pathogen and set up a spray program to prevent it.
- Citrus Black spot – the timing of sprays and the materials to be used in the Cape Midlands specifically.
- Post-Harvest – alternative natural products that can be used. Also the alternatives to Guazatine into the Japan market.
- Alternaria in navels and Clementines.
- Control measures for Rhizopus: pre- and post-harvest.
- More funding for post-harvest research.

Programme: Integrated Pest Management

- Alternative ant control.
- Effective female attractant for Fruit Fly and the determination of the thresholds for control.
- Control of melybug needed.
- Alternative for Acarol needed to control budmite.

Programme: Crop Load and Fruit Quality Enhancement

- Scientific Analysis and Quantification of the various Carbon based materials on the Market and to set up some standard against which to measure the products.
- Cross-pollination of the Late Mandarin varieties with other fertile cultivars.
- Rind disorders: pitting, peteca, RBD, etc. More basic research needed to find out what triggers it and what happens to affected plant material. Evaluation of different waxes, temperatures, etc. not sufficient. Get to the root of the problem.

Programme: Cultivar and Rootstock Development

- Find an early Clementine and navel that is suitable.
- Find a disease and cold resistant rootstock.

BURGERSFORT / OHRIGSTAD

Program: Siektebestuur

- Hoogste prioriteit: Vergroeningsbeheer
- Vergroening: Nuwe middels om bladflooie te beheer.
- Vergroening: Korrektiewe behandelings.
- *Phytophthora* beheer: Strenger toetse deur CIP. Alternatiewe produkte.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Kraakskil: Effektiewe beheer.
- Bemesting: Oplei van 'n persoon om dr Hannes Coetzee te vervang. Bedryf moet 'n onpartydige persoon hê vir bemestingsaanbevelings.

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- FCM: Effektiewe beheer.
- Vrugtevlieg: Alles dui daarop dat daar op sekere plase (Elbert de Kock, Willie en PLM Boerdery) weerstandbiedendheid ontwikkel het teen huidige lokase.
- Werkswinkel: Vrugtevlieglugbespuitings.

Algemeen

- Evaluering van chemiese produkte om te verseker dat generiese produkte op standaard is.
- Opdatering van produksieriglyne.

GROBLERSDAL/MARBLE HALL

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Hoogste prioriteit: Effektiewe beheer van VKM.
- Grysmyt: Voorkomende beheermaatreëls moet ontwikkel word.
- Roesmyt: Voorkomende beheermaatreëls en middels.
- *Prays citri*: Monitering en drempelwaardes vir bespuiting nodig.
- Bladspringer: Die katoenaanplantings in die omgewing vererger die probleem. Spuitaanbevelings is nodig. Geen registrasies op sitrus.
- Biologiese spuitprogramme: Die evaluering van die gebruik van biologiese beheer produkte soos EM en ander tees vir insek en siektebeheer.
- Knopmyt: Alternatiewe vir Acarol
- Rooimyt: Beheer veral waar meer Confidor toegedien word.

Program: Siektebestuur

- CBS: Toets vir strobulirienweerstandbiedendheid.
- Voedingswetenskappe: Die evaluering van die nuwe golf van voedingsteorie wat die klem plaas op produkte wat die wortelomgewing verbeter.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Peteca: Vinniger vordering op hierdie gebied uiters noodsaaklik. Riglyne aan podusente om dit te beheer.
- Alle na-oesskildefekte.
- Kraakskil: Probleem op Bahianinas veral op Troyer. Vind oplossings.
- Vrugkleur: Vroeër kleur op vroeë vrugte.
- Stresverligters (Hitte, droogte, koue).

Program: Kultivar en Onderstamontwikkeling

- Kultivarontwikkelling: Bepaal die beste laat nawel vir die area.
- Kultivarontwikkeling: Vind 'n goeie vroee nawel vir die area.
- Kultivarontwikkeling: Vind 'n goeie laat Valencia vir die area.

HOEDSPRUIT

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Hoogste prioriteit: Beheer van VKM sodat toegang tot China 'n kommersiele realiteit kan word.
- Vrugtevlieg: Alternatiewe beheer.

- Beheer van stinksprinkaan.
- Evaluering van generiese chemiese produkte.

Program: Siektebestuur

- Vergroening: Meer effektiewe middels om organofosfate wat verlore gaan te vervang. Bevestiging dat vergroening in Hoedspruit wel deur *Liberibacter africanus* veroorsaak word en dat die ander *Liberibacters* nie teenwoordig is nie.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Vrugset: Vrugset van saadlose suurlemoene, Deltas, Midknights en pomelos.
- Vrugkwaliteit: Turkeys en Bennies word sag in die mark. Hoe kan dit vermeil word.
- Alternatiewe drag: Maniere om dit uit te skakel.

Program: Kultivar en Onderstamontwikkeling

- Kultivarontwikkeling: Goeie kwaliteit laat Valencias.
- Kultivarontwikkeling: Vroeër pomelos vir Japanese mark sou Florida se sitrus tot niet gaan.
-

KOMATIPOORT

Program: Siektebestuur

- *Sitrus Swartvlek:* 'n Diagnostiese toets vir weerstandbiedendheid teen die strobulirienes.
- *Na-oes Patologie*: TBZ probleme met vrugte wat na die sapfabrieke toe gestuur word.

Program: Oesopbrengs en vrugkwaliteitsbestuur

- Hoogste prioriteit: Kraakskil op Valencias.
- Ringbrand: Effek van die verskillende buffers, kleefmiddels, benatters en abamectin formulasies op die ringbrand letsels wat die afgelope seisoen gevind is (generiese produkte).
- Skilgebreke: Kraakskil is 'n probleem op die Valencias en vrugsplit op die Deltas.
- Vastestowwe: Verhoging van vastestowwe op pomelos is nodig. Vastestowwe is baie wisselvallig. Na een reenbui val vastestowwe van 10 na 'n 8 en herstel nie weer.

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- VKM: Vervolmaak die Cryptogran spuitprogram vir spesifieke boorde vir uitvoere na China.
- Witluis: Ontwikkel 'n metode om te onderskei tussen verskillende witluis spp. met die oog op effektiewe parasietvrylating.
- Rooidopluis: Ontwikkel 'n diagnostiese toets vir weerstandbiedendheid teen Nemesis.
- Blaaspootjie: Ontwikkel 'n diagnostiese toets vir weerstandbiedendheid teen abamectin.

Program: Kultivar en Onderstamontwikkeling

- *Kultivarontwikkeling:* Pomelokultivars wat minder gevoelig vir skaapneus is.

Algemeen

- Databank met afbraakkurwes vir alle chemiese produkte tot op 0.01 dpm. Sodat krissese nie ontstaan wanneer MRL valkke verlaag word nie.
- Verpakkingsnavorsing (Ifco kratte is R1-30/karton goedkoper as karton verpakking). Watter ander moontlikhede bestaan?
- (a) Palletmakers se monopolie moet gebreek word.
  (b) PPECB is nie konsekwent nie en hulle koste is te hoog.

LETSITELE/CONSTANTIA

1. Hoogste prioriteit is om CBS se fitosanitêre status in die EU te verander sodat die siekte weer slegs 'n kosmetiese probleem sal wees. Plaas druk op die EU om te reageer op die verslae wat aan hulle

voorgele is met die nodige navorsingsresultate om te bewys dat swartvlek nie ’n fitosanitere risiko vir die EU inhou nie.

2. Program: Siektebestuur

CBS

Jaarlikse terugvoering oor marktoegang. Hoe beinvloed die aansluiting van Oos-Europese lande by die EU ons marktoegang tot hierdie lande.

Citrus Tristeza Virus

Evaluering van nuwe kruisbeskermingsrasse vir pomelos in Letsitele.

Na-oes patologie
- Ontwikkel alternatiewe beheerstrategiee en nuwe chemiese produkte insluitende ”GRAS chemicals”.
- Monitering van imazaliel en guazitien bestandheid in pakhuise.

Vergroening
- Manupilasie van genetiese material om plantweerstand teen Liberibacter te bewerkstellig.
- Korrektiewe beheer van die siekte.
- Opdatering van gasheerlys deur die voorkoms in alternatiewe gashere met PCR te bevestig.

Phytophthora
- Evaluering van biologiese beheer middles, middles wat sistemies die weerstand in die plant verhoog (SAR), die humiensure en fulviensure op *Phytophthora* wortelvrot.

Tylenchulus semipenetrans
- Evaluering van biologiese beheermaatreels.
- Laboratoriumtoetse om eieruitbroei te manipuleer.

3. Program: Geintegreerde plaagbeheer

VKM
- Evaluering van granulovirus in Letsitele. Cryptogran sal nie in Letsitele verkoop alvorens RiverBioscience nie sy effektiwiteit in die gebied bewys het nie (proewe moet op Turkeys gedoen word omdat hulle meer gevoelig is vir VKM).

Vrugtevlieg
- Alternatiewe middles vir gebruik saam met lokase. Vrugtevlieg: Plaasvervangers vir Malathion en Dipterex.
- Ondersoek Hymlure fitotoksisiteit op Nadorcot. (Hymlure + Koper maar ook Hymlure op sy eie wat stippling veroorsaak)
- Toedieningsmetodes wat kontak met die vrug vermei.
- ’n Meer bekostigbare M3. Evaluering van ’n vermindering in die aantal M3s wat per ha gebruik word namate die blokke groter word.

Blaaspootjie
- Nuwe GPB chemiese middels.
- Alternatief vir Agrimec.
- Evaluering van verskillende abamectin formulasies.

Witluis
- Maklike metode om tussen Sitrus en Oleander witluis te onderskei.
- Parasietnavorsing.
- Nuwe chemiese middles om OPs te vervang.

Psylla
- Alternatiewe gashere bo en behalwe sitrus.

Miere
- Ontwikkel om miere op grond maar uit die boom te hou.

Rooidopluis
- Toets van generiese produkte.
- Opdatering van oliefeitelys.

Wasdopluis
- Oorsaak vir toename in voorkoms

OPs
- Alternatiewe produkte.

4. Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitbestuur

Interne kwaliteit
- Voorspellingsmodel.

Vruggrootte
- Voorspellingsmodel.

Opbrengs
- Voorspellingsmodel.

Bymiddels
- Evaluering van blaarbespuitings en grondtoedienings wat buite die registrasie van misstowwe vereniging val.

Skilprobleme
- Vind oorsake en oplossings.

Vrugset
- Som riglyne vir Deltas en Midknights op. Stresvermindering tydens vrugsetperiode.

Skaapneus op pomelos
- Watter klimatologiese toestande predisponeer vrugte vir skaapneus? Is daar praktyke wat die voorkoms daarvan kan verminder?

Snoei
- Navorsing van snoei in warm areas moet voltooi word en in riglyne opgesom word. Masjiensnoei sowel as verwydering van individuele takke om boomhoogte af te bring en/of ligpenetrasie te verbeter moet bespreek word .

Ringelering
- Die gebruik van takringelering ipv die ringelering van stamme moet met mekaar vergelyk word om te verseker dat bome nie in ’n alternatiewe dragpatroon in gaan nie.

OHS
- Riglyne vir die gebruik van die stelsel moet voltooi word. Dit moet riglyne insluit wat sal verseker dat die vastestowwe nie nadelig beinvloed word nie.

Grondverbetering
- ’n Onafhanklike persoon met ’n grondkundige en bemestingsagtergrond moet kyk na die opbou van die organise komponent in die grond sowel as die interaksie tussen die biologiese en chemiese komponente in die grond.

Kultivarevaluering
- Plukdatum, hantering en verskepingsprotokol van Turkey. (Pap vrugte is ’n probleem)
- Evaluering van onderstamme vir Cl, B en Na gevoeligheid. (Benton / Sunki) Die kwaliteit van die besproeiingswater is besig om al swakker te word.
- Groot laat valencia (met en sonder saad).

Algemeen
- Meer gereelde opgradering van internet met jongste inligting.
- Produksieriglyne moet op webwerf beskikbaar wees
- Meganisering van oes. Plukkostes moet aangespreek word. Vergelyk SA met lande soos Australie.

Hoe kry hulle dit reg om teen soveel hoer koste as SA te oes en steeds kompeterend te bly?

- Aanstel van 'n grondkundige.

LIMPOPO/TSHIPISE

Program: Marktoegang

- Hoogste prioriteit: Marktoegang tot die VSA.

Program: Geïntegreerde plaagbestuur

- Blaaspootjie: Vergelyk verskillende abamectin formulasies met Agrimec. Daar word beweer dat sekere van die generiese abamectin produkte swak resultate lewer. Stel vas of dit die waarheid is.
- VKM: Oorkom die fitosanitêre bedreiging wat hierdie organisme vir die sitrusindustrie inhou.
- Skaapneus: Metode om te bepaal of 'n vrug skaapneus het of nie (meetbaarheid van skildikte nie net gevoel).

Program: Siektebestuur

- Na-oes patologie: Pakhuisbestuursprogram (Bv Chloor by warmwaterbad, Opbou van Penicillium spore in imazililbad. Pakhuisbehandelingsstrategiesessie aan begin van pakseisoen. – Keith)
- Na-oes patologie: Terugvoer van ondersoek na *Penicillium* weerstandbiedendheid teen imazalil en guazatien in die verskillende pakhuise.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Bemestingsaanbevelings: Die bedryf benodig weer soos in die verlede 'n onafhanklike persoon om bemestingsaanbevelings te maak. Veral dringend in die lig van die feit dat Hannes Coetzee nie meer van aftrede is nie.
- Bemestings/voedingskundige om onafhanklike opinie te lewer oor kunsmisstowwe en middels wat veronderstel is om die wortelomgewing (rhisosfeer) te verbeter.
- Skilafbraak: Bepaal oorsake en oplossings. TBZ se invloed. Is daar 'n verskil tov skilafbraak op vrugte wat op verskillende kleurvlakke gepluk is.
- Peteca: Bepaal oorsake en oplossings. Metode om gevoeligheid van vrugte te bepaal. (CO_2?).
- Metodes om plukseisoen te rek. GA3. Wat is die effek op volgende jaar se oes.
- Skildikte van pomelos. Hoe om dit uit te skakel in jare met 'n lae oes.

Program: Kultivar en Onderstambestuur

- Kultivarontwikkeling: Laat Valencia (Saad en aadlose kultivar).
- Kultivarontwikkeling:Vroeer rooi pomelos om die opening te vul wat na verwagting gaan ontstaan omdat die Florida uitvoere na Japan gaan afneem a.g.v. sitrus kanker en vergroening.
- Verandering in prioriteitsstatus.

MALELANE

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Hoogste prioriteit: Lae vastestowwe (Advance Cap, K2SO4 bespuiting ??).
- Skilgebreke: Die effek van anorganiese en organise bemesting op skilgebreke. Kraakskil, vrugsplit, vrugbars en vrugset.
- Bemesting: 'n Onafhanklike persoon om organise bemesting en die verbetering van die grondstruktuur te ondersoek.
- Aanplantingsriglyne.

Ander

- (a) PPECB se konsekwentheid moet bevraagteken word.
  (b) CGA studie oor winsgewendheid van sitrusverbouing moet gedoen word. (Produksieriglyn hoofstuk).

NELSPRUIT / HAZYVIEW

Program: Siektebestuur

- Hoogste prioriteit: Vergroening, meer spesifiek korrektiewe behandelings om siek bome gesond te dokter.
- Vergroening: Die ontwikkeling van biotegnologie om die geen wat die plant se weerstand kan aanskakel die oomblik wat die patogeen die plant infekteer in bestaande sitrusgenemateriaal in te bou.
- Vergroening: Genetiese manupilasie van sitrusvoortplantingsmateriaal om weerstand in kommersiele sitruskultivars in te bou.
- CBS: EU aanvaarding van skrywe aan hulle gerig essensieël om te verseker dat die patogeen sy fitosantêre status verloor.
- Evalueer die gebruik van Smartfresh op sitrus vir raklewe.
- Endokserose: Oorsake en oplossings.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Gepokte skil: Bepaal die oorsake en stel ondersoek in na paklyne waar borsels nie gebruik word nie. Simptome word gedokter nie oorsake.
- Skilafbraak: Is die Benny valencia meer gevoelig as ander kultivars.
- Peteca: Dringende vordering nodig om produsente toe te rus om die probleem uit te skakel in die toekoms.
- Ca arsenaat vervanger. Dringend nodig voordat hierdie produk verbied word.
- Kraakskil: Het Corasil enige effek op kraakskil en vrugsplit?
- Bemesting: 'n Spesfieke bemestingsprogram is nodig vir Turkeys om vrugte wat sag word in die mark uit te skakel (Werklik nodig? Nie dalk omdat Turkeys te laat ge-oes word nie. Turkey is 'n midseisoen nie 'n Valencia).
- Bemesting/verbeterde grondstruktuur: Voordele van humate en fulviensure moet wetenskaplik ge-evalueer word.
- Kleur: Ondersoek die gebruik van natuurlike kleurstowwe soos paprika olie in wakse (word algemeen in Mexico gedoen).

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- VKM: Verfyning van toedieningsaanbevelings op laat kultivars.
- Sitrusbladvlooi: Alternatiewe beheermaatreëls. Poog om Citrimet te behou.
- Myte: Verskeie myte word nie meer deur abamectin beheer nie. Nuwe middels moet gevind word (toename in myte waar Confidor gebruik word).
- Carobmot monitorsisteme om vruguitvoere na China moontlik te maak.

Program: Kultivar en Onderstamontwikkeling

- Kultivarontwikkelling: 'n Nawel wat vroeër kleur moet vir die area gevind word. 'n Vroeër Valencia moet ook gevind word wat die gebruik van Ca arsenaat onnodig sal maak.

PONGOLA

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Hoogste prioriteit: VKM beheer.
- Evaluering van generiese produkte.
- Witluisbeheer.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Evaluering van grondverbeteringsprodukte insluitende die humiensure en fulviensure.
- Organiese bemestingsriglyne.

Program: Siektebestuur

- Na-oespatologie: Ontwikkeling van alternatiewe beheerstrategie.

- Evaluering van onderskeie buffers.
- Evaluering van onderskeie kleefmiddels.
- Na-oesbeheer. Alternatiewe beheerstrategie.

Algemeen

- Databank vir afbraakkurwes van chemiese produkte.
- Produksieriglyne oor Oorwerking insluitende 'n ekonomiese oorsig.
- Versnelde toegang tot meer uitvoermarkte om 2010 se 100 miljoen uitvoerkartonne te kan absorbeer.

RUSTENBURG

Program: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Hoogste prioriteit: Grysmyt beheer.

Program: Siektebestuur

- Vergroening: Korrektiewe beheermaatreëls.
- Vergroening: Alternatiewe beheermaatreëls vir bladvlooi.
- Toetse om die vlakke van die verskillende na-oes behandelings in die diptenks in die pakhuis te bepaal (Imazilil & Sporekill).
- TBZ in sapfabrieke.

Program: Kultivar en Onderstamontwikkeling

- Kultivarontwikkeling: Ondersoek die verskynsel waar 6 jaar oue Bahianina nawels pitte ontwikkel (in proses).

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Kumkwat skildefek: Oorsaak? Skilafbraak of grysmyt?
- Ontwikkel metodes om koolhidraat vlakke in die wortelstelsel te bepaal en hoe om dit vinnig te verhoog.

SWAZILAND

Programme: Disease Management

- *Citrus greening*: Survey to determine the presence of *Liberibacter asiaticus* and *L. americanus* in the hotter citrus production areas of southern Africa.
- *Citrus Black Spot*: Alternatiewe beheermaatrëels en die verandering van die status van CBS van fitosanitêr na kosmeties.
- *Armillaria*: Bevestiging dat Phytex wel *Armillaria* beheer.
- *Tylenchulus semipenetrans*: Enzone moet ge-evalueer word vir aalwurm en *Phytophthora* beheer.

Programme: Crop Load and Fruit Quality Management

- Hoogste prioriteit: Bemestingsnavorsing (onafhanklike evaluering van humiensure, fulviensure en ander middels wat veronderstel is om die wortelomgewing te verbeter).
- Bemestingsnavorsing: Sproeibemesting aanbevelings (kan doen en produksieriglyne kan skryf).

Programme: Integrated Pest Management (IPM)

- FCM: Beheermaatrëels wat toegang tot markte soos China sal verseker.

WEIPE

Program: Marktoegang

- Hoogste prioriteit: Marktoegang tot die VSA.

Program: Oesopbrengs en Vrugkwaliteitsbestuur

- Skilafbraak: Bepaal oorsake en maniere om dit te oorkom.
- Skaapneus: Her-evalueer standaarde vir afkeurings. Kyk na ander faktore soos karton gewig, skildikte en sappersentasie.

Program: Kultivar en Onderstambestuur

- Valencia kultivars wat vroëer kleur as die Bennie Valencia vir China.
- Later Valencia kultivars.

Program: Siektebestuur

- Verwerkingsvrugte: Wat is die stand t.o.v. produkte soos Tecto, imazalil en guazatien? TBZ verminder skilafbraak en moet gebruik word. Aankopers van sitruskonsentraat vereis TBZ-vry vrugte al is dit nie in ooreenstemming met EU regulasies nie.

Program: Geïntegreerde plaagbestuur

- Biologiese maniere om blaaspootjie te beheer.

ZIMBABWE

Programme: Integrated Pest Control

- Highest priority: Grey mite control.
- Red mite: Alternative chemicals to control this pest.
- Thrips: Development of more chemicals to control this pest.
- FCM: Registration of Cryptogran in Zimbabwe.

Programme: Disease Management

- *Pseudocercospora angolensis*: Its control and possible eradication in neglected or abandoned orchards once the situation in Zimbabwe has normalised.
- Greening: Alternative chemicals to replace the organophosphates.

Programme: Crop Load and Fruit Quality Management

- Confidor: Does this product stimulate fruit size and yield?
- Fruit colour: Early colour development is an issue and must be addressed.

General

Pseudocercospora angolensis: The SA Department of Agriculture must pressurise the Zimbabwe Department of Research and Specialist Services to remove neglected citrus orchards that pose a phytosanitary threat as a result of *P. angolensis*.

The SA Citrus industry must compile an action plan to determine the spread and eradication of this disease in a post-Mugabe era. This will include finding the financial recources to assist in eradicating the disease.

CRI must, via the NDA, establish negotiations with the Angolan government to ensure that no citrus planting material from Brazil enters Angola. Angola must source its citrus budwood and seed from the CFB. Diseases that can be introduced from Brazil into Africa includes Citrus canker, Citrus Variegated Chlorosis, Sudden Death, Leprosis, Rubiloses, *Liberibacter asiaticus* and *Liberibacter americanus* to name a few.

Kommentaar (nie navorsing)

Die volgende kommentaar wat nie direk met navorsing verband hou nie maar waarvan die CRI moet kennis dra is deur die onderskeie studiegroepe gelewer. Van die kommentaar soos punt een is vir die eerste keer gelewer terwyl van die ander punte by herhaling gelewer is. Dit is steeds geldig:

1. Daar is tans ’n groot aantal sitrusplase in die Noorde waar die eienaars a.g.v. die huidige regeringsbeleid hulle plase waarskynlik gaan verloor. Hierdie plase is meesal in die Strydom Blok, Komatipoort, Malelane, Hoedspruit, Letsitele, Tshipise en Weipe omgewings en verteenwoordig sowat 10 miljoen uitvoerkartonne. Van die vooruitgeskatte 100 miljoen uitvoerkartonne wat geskat word vir 2010, verteenwoordig dit meer as 12,5 miljoen kartonne. Indien daar nie met initiatief te werk gegaan word om te verseker dat hierdie plase vorentoe effektief bestuur word nie, kan hierdie vrugte afgeskryf word vir uitvoere. Die enigste manier waarop hierdie plase wel volhoubaar bestuur kan word in die mediumtermyn is as die bestaande produsente nadat hulle uitgekoop is sou voortgaan om hierdie besighede (boerderye) te bestuur. Sou dit nie gebeur nie sal al hierdie plase waarskynlik vyf jaar vorentoe vir die sitrusprosesseringsbedryf vrugte produseer. Dit sal ’n redelike gedeelte van die uitvoervrugte uit die mark verwyder wat goed kan wees vir die pryse van die vrugte wat wel uitgevoer sal word. Met die huidige vooruitskouing vir versappingsvrugte wat goed behoort te presteer oor die volgende 5-8 jaar kan dit ook goeie inkomstes vir die nuwe eienaars verseker. CRI moet egter nouer kontak maak met die proseseringsbedryf sodat ons in die toekoms ook ’n heffing op verwerkte vrugte kan probeer daarstel.
2. Die behoefte aan “Scout “ en Sitruskortkursesse bestaan steeds.
3. Meganisering van sitrusverbouing. Die uitweking van HIV word in feitlik al die streke as ’n realiteit ervaar. Die gemiddelde plukvermoë per plukker is aan die afneem.
4. CRI moet betrokke raak by navorsing van verpakkingsmateriaal.
5. Die CRI web moet meer gereeld opgedateer word.
6. Die PPECB se rol moet heroorweeg word. Sy monopolie moet gebreek word en hulle moet ’n groter rol speel met om te help met stelsels soos EUREPGAP, Natures Choice, ICMS en BRC eerder as net gehalte inspeksies.

9.2 TEGNOLOGIE OORDRAGINGSGROEPE – TOG’s (SITRUSSTUDIEGROEPE)

Gedurende Januarie 2006 is die tweede fase van die uitbreiding van die CRI Voorligtingsnetwerk in werking gestel. Die eerste fase wat in 2005 afgehandel is, was die aanstel van Hannes Bester as Area-voorligtingsbestuurder vir die suidelike provinsies. Die tweede fase het behels die kontraktering van konsultante wat lid is van SASSCON om betrokke te raak by sekere van die sitrusstudiegroepe. Chris Kellerman sal in die toekoms betrokke wees by die Pongola/Swaziland en die Komatipoort/Malelane studiegroepe. Tom van der Meulen is betrokke by Hoedspruit en Clive Pountney by Burgersfort/Ohrigstad. Dr Isak Bruwer is betrokke by die Breederivier sitrusstudiegroep. Die koördinering van die Zimbabwese studiegroepe is ook steeds ‘n probleem.

Na aanleiding van die ernstige gehalteprobleme en meegaande verliese wat gedurende die voorafgaande seisoen in die markte voorgekom het en die ontwikkeling van *Penicillium* weerstandbiedendheid teen imazaliel, het daar ’n prioriteit ontstaan om plukker-opleiding, boordpraktyke en pakhuispraktyke voor die aanvang van die nuwe seisoen aan te spreek. Studiegroepvergaderings wat bederf en raklewe aanspreek is met al die studiegroepe gereël. Met die uitsondering van Vaalharts en Weipe is al die vergaderings goed bygewoon en was bywoning in al die gevalle verteenwoordigend van ten minste 70% van die totale hoeveelheid uitvoerkartonne in daardie bepaalde area. In Vaalharts het die situasie ontstaan dat agv hoë kostes en lae winsmarges heelwat produsente besluit het om nie meer uit te voer nie, maar lokaal te bemark en dit gevolglik nie meer ’n prioriteit ag om die studiegroepvergaderings by te woon nie. In Weipe se geval moet die gebied nog as ’n tegnologie-oordragingsgroep saam begin funksioneer.

Hennie le Roux en Hannes Bester het vanaf 3-7 Julie die Swaziland, Malelane, Constantia en Rustenburg studiegroepe se voorsitters besoek om die vasstel van die 2007 navorsingsprioriteite met hulle uit te klaar. Tydens die besoek is vrugtevlieglokaas fitotoksisiteit op die Nadorcotts in Burgersfort en Vivo ondersoek terwyl besoeke ook aan Esselen-, Witkrans- en Casmar kwekerye gebring is.

Twee nuwe studiegroepe is in die Suide gestig. Swartland Studiegroep omsluit die hele Swartland area met Wietze Post wat as voorsitter gekies is. In die Gamtoos het die privaat pakkers hul eie studiegroep gestig met Phillip Dempsey as voorsitter, wat bekend sal staan as Patensie Privaat Pakkers.

Gedurende Augustus is die Wes- en Noord-Kaap besoek waartydens verskeie onderwerpe gedek is. Onder andere het Sean Moore in sy hoedanigheid as CEO van River Bioscience en Hannes Coetzee van CAL aanbiedinge gelewer.

Na afloop van die Sitrusnavorsingsimposium is die hoogtepunte van die simposium saamgevat en is dit by elk van die Tegnologie oordragingsgroepe in suider Afrika aangebied. Na afloop hiervan is elke area se sitrusnavorsings-prioriteite vir 2007 bepaal.

Die betrokkenheid van konsultante by die vergaderings is uitstekend. Mark Fry het 'n gedeelte van die aanbiedinge by verskeie van die studiegroepe hanteer en Sakkie Bruwer het deur die jaar waardevolle insette by studiegroepe in die Wes-Kaap gelewer. Chris Kellerman, Tom van der Meulen en Clive Pountney het almal suksesvolle byeenkomste met elk van hulle studiegroepe gereel. Die struktuur van die Tegnologieoordragingsgroepe sien tans as volg daaruit:

VOORSITTERS VAN TEGNOLOGIEOORDRAGINSGROEPE 2006/7 CHAIRMAN OF TECHNOLOGY TRANSFER GROUPS 2006/7				
TTG/TOG	**NAME/NAAM**	**TEL. NO/NR**	**FAX/FAKS NO/NR.**	**EMAIL/EPOS**
Baviaans (Patensie)	Phillip Dempsey	082 498 2778		phillipdempsey@southernfruit.co.za
Beitbridge	Paul Bristow	072 701 9227	09263 862434	bristow@mweb.co.za
Benede-Oranjerivier	Francois Reyneke	082 771 6758	054-4310780	francois@karsten.co.za
Breederivier	Sakkie Bruwer	083 226 2540		subtrop@netactive.co.za
Burgersfort	Elbert de Kock	013-2317757	013-2318334	moronesitrus@intekom.co.za
Citrusdal	Otto Frielingsdorf	082 804 9054	022-9212511	otto@ghcitrus.com
Groblersdal/ Marble Hall	Gerda Burger	082 388 1041	013 262 6602	gerda@moosrivier.co.za
Hoedspruit	Pierre Malherbe	084 517 3378		driehoek@lantic.net
Katrivier	Bruce Knott	082 877 1164	046-6452345	j&bcitrus@bosberg.co.za
Komatipoort	Dirk Horn	013-7937536 / 083 259 3359	013-7937536	sommerreg@soft.co.za
Knysna	John Stanwix	082 789 5051	044-3884611	knycit@mweb.co.za
Letsitele	Pieter Vermaak	015 386 8718 082 491 7743	015-386 8718	nic@mweb.co.za
Limpopo	Bennie Nicholson	015-5390763 / 083 306 0552	015-5390718	alicedale@lantic.net
Malelane	Leon Esselen	013-7900160	013-7900492	esselenk@mweb.co.za
Marble Hall	Pierre v. Rensburg (Midknight Study Grp) Gerda Burger	013-2611203 / 082 388 3101 082 388 1041	013-2611203	avant@lantic.net gerda@moosrivier.co.za
Nelspruit	Graham Piner	013-7538000 072 804 6495	013-7522560	crocval@mweb.co.za
Nkwaleni	Shane Dellis	083 256 3650	035-4600634	valfarm@corpdial.co.za
Paarl/Stellen-bosch	Stephan Venter	083 670 8030		stephan@insectscience.co.za
Patensie	Ilze du Plessis	082 926 8086	042-2830893	ilzed@gamnet.co.za
Pongola	André Barnard	083 229 8539	034-4351083	mhlati@idhweb.com
Richmond	Peter Button	082 488 8537		pbutton@futurenet.co.za
Rustenburg	Johan-Chris Grobler	082 922 1579	014-5733036	witkrans1@mweb.co.za
Sondagsrivier vallei	Dave Gerber	072 495 3162	042-2331037	technical@srcc.co.za
Swartland	Wietse Post	082 804 9054		wietse@clearsky.co.za
Swaziland	Gerd Höppner	09268-3232311	09268-3232317	ghoppner@iysiscitrus.co.sz

VOORSITTERS VAN TEGNOLOGIEOORDRAGINSGROEPE 2006/7 CHAIRMAN OF TECHNOLOGY TRANSFER GROUPS 2006/7				
TTG/TOG	**NAME/NAAM**	**TEL. NO/NR**	**FAX/FAKS NO/NR.**	**EMAIL/EPOS**
Swellendam	Sarel Neethling	028-5123606 / 082 551 2357	028-5123659	sarel@thornlands.net
Vaalharts	Tom Fouché	053-4710277 / 082 783 4842	053-4710277	marithaminnie@mweb.co.za
Weipe	Danie Erasmus	083 236 7798	015 5330056	depoweipe@lantic.net
Zimbabwe	Chris Maggs	09263 11419624	09263 11419624	technical@interspan.co.za

9.3 **THE RELATIVE FUNDING SUPPORT FOR RESEARCH PROGRAMMES AND PROJECTS FOR 2006-7**

By Tim G. Grout (CRI)



Fig. 9.3.1. Percentage funding in each CRI programme and rest of budget.



Fig. 9.3.2. Percentage funding to projects in the CRI Research Programmes: Crop Load & Fruit Quality Management (left) and Cultivar Development & Evaluation (right) for 2006-7



Fig. 9.3.3. Percentage funding to projects in the CRI Research Programme: Disease Management for 2006/7.



Fig. 9.3.4. Percentage funding to projects in the CRI Research Programme: Integrated Pest Management for 2006/7.

9.4 EXTENSION PRESENTATIONS BY CRI GROUP RESEARCHERS IN 2006

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
Barry, G.H. (CRI)	22/05/2006	Tshipise Citrus Study Group	What is the future of Tshipise citrus?
			Cultivar Innovation: Effective sourcing and commercialisation of citrus cultivars in Southern Africa
	18/05/2006	Nexus Chemical Representatives, Paarl	Overview of PGR usage in citrus
	05/06/2006	Kirkwood	Cultivar options for the E. Cape citrus production regions
	20/07/2006	Terason Chemical Representatives	The citrus tree and its fruit
	02/08/2006	Vaalharts Citrus Study Group, Hartswater	Frost Management workshop
	10/08/2006	Senwes Citrus Study Group, Schoeman Boerdery, Marble Hall	Fruit quality management: How can I optimise fruit quality in the market?
	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	Rind colour enhancement
			Rind Breakdown of Clementine mandarin: with special reference to mineral nutrients and carbohydrates
			Rind pigments and antioxidant capacity association with rind disorders in 'Clementine' mandarin fruit as influenced by canopy position and cultivar
			Controlled water deficit can improve sugar accumulation in a drip irrigation system

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
			Cultivar Innovation: Effective sourcing and commercialisation of citrus cultivars in Southern Africa
			Current status of citrus cultivars and their characteristics
Breytenbach, J.H.J. (CRI)	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	The effect of single-aphid transferred *Citrus tristeza virus* sub-isolates on the growth of young Marsh and Star Ruby grapefruit trees.
			The response of citrus rootstocks to Citrus Blight after 15 years.
Cronjé, P.J.R. (CRI)	20/03/2006	Citrus Exporters Forum, Capespan	Rind Condition Research 2005.
	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	Rind breakdown of Clementine mandarin: with special reference to mineral nutrients and carbohydrates
			The different citrus waxes on the development of peteca spot on lemons
			Identification of post-harvest rind disorders of citrus fruit
	05/12/2006	Goedehoop boeredag, Citrusdal	Waarnemings in market: Faktore wat skilkwaliteit beinvloed
Grout, T.G. (CRI)	19/04/06	Nelspruit	Fruit fly, FCM, mites, fruit piercing moth.
	10/08/06	Hoedspruit	Pest management strategies
	21-23/08/06	Citrus Research Symposium, PE	Research funding, citrus thrips, citrus psylla.
	03/10/06	Nelspruit	Spray machine calibration
	10/10/06	Citrus Short Course	Pest management
Kirkman, W. (CRI)	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	An investigation of alternative hosts for false codling moth in the Eastern Cape
	11/09/06	Swellendam Breederivier	Symposium feedback
	12/09/06	Paarl/Stellenbosch Swartland Citrusdal	Symposium feedback
	13/09/06	Benede-Oranjerivier	Symposium feedback
	14/09/06	Vaalharts	Symposium feedback
Lesar, K.H. (CRI)	21/02/06	Hoedspruit Study Group	Post-Harvest Decay
	23/02/06	Swaziland/Pongola Study Group	Post-Harvest Decay
		TSB Packhouses, Tecklenburg at Rooigras & Capespan	Waste & rind condition Workshop
	06/03/06	Patensie Study Group	Post-Harvest Decay
	07/03/06	SRCC Study Group	Post-Harvest Decay
	08/03/06	Kat River Study Group	Post-Harvest Decay
	09/03/06	Richmond Study Group	Post-Harvest Decay
	10/03/06	Nkwaleni Study Group	Post-Harvest Decay
	22/03/06	Paarl/Stellenbosch Study Group	Post-Harvest Decay
	23/03/06	Robertson & Swellendam Study Groups	Post-Harvest Decay

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
	04/04/2006	Kakamas Study Group	Post-Harvest Decay
	05/04/06	Vaalharts Study Group	Post-Harvest Decay
	11/04/06	Groblersdal/Marble Hall Study Group	Post-Harvest Decay
	18/04/06	Malelane/Onderberg Study Groups	Post-Harvest Decay
	21/04/06	Burgersfort Study Group	Post-Harvest Decay
	25/04/06	Tshipise/Weipe Study Groups	Post-Harvest Decay
	02/05/06	Letsitele Study Group	Post-Harvest Decay
	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	The effect of different citrus waxes on the development of peteca spot on lemons
			The History of Post-Harvest fungicide Resistance and the present day management and strategies to reduce the risk of a potential disaster in the Southern African Citrus Industry
Malan, A. (SU)	21/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	Potential of entomopathogenic nematodes of the familes Steinernematidae and Heterorhabiditidae to control FCM
Moore, S.D. (CRI)	02/08/2006	Hartswater grower study group	FCM management
			Fruit Fly management
			Mealybug management
			Leafhopper management
	03/08/2006	Benede-Oranjerivier grower study group	FCM management
			Fruit fly management
			Mealybug management
			Leafhopper management
	07/08/2006	Citrusdal grower study group	Cryptogran for FCM control
	08/08/2006	Paarl/Stellenbosch grower study group	Cryptogran for FCM control
		Swartland grower study group	Cryptogran for FCM control
	09/08/2006	Swellendam grower study group	Cryptogran for FCM control
	10/08/2006	Breederivier grower study group	Cryptogran for FCM control
	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	FCM alternative hosts
			Cryptogran
			Entomopathogenic nematodes for FCM control
			Host status of lemons for FCM
			Virus for bollworm control
	19/09/2006	Knysna grower study meeting	General pest management
	20/09/2006	CGA/DoA Special markets workshop, PE	FCM protocols and GAPs for China
	21/09/2006	Kat River Valley grower study group	Red scale management
			Mealybug management
			Thrips management
			FCM management
		SRCC grower study group	FCM management
	22/09/2006	Gamtoos River Valley grower study group	FCM management
	20/10/2006	Stellenbosch – Workshop with researchers & XSIT	Implementation of SIT
	07/11/2006	Marble Hall grower study group	FCM management

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
	08/11/2006	Letsitele grower study group	FCM management
	14/11/2006	Benede-Oranjerivier grower study group	FCM management for the USA market
Pietersen, G. (CRI at UP)	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	Progress towards establishment of a comprehensive diagnostic capability at CRI against Citrus graft-transmissible pathogens
Pretorius, M.C. (CRI)	05-06/2006	Marble Hall Study Group	Phytophthora & Nematodes
	05/2006	Burgersfort Study Group	Phytophthora & Nematodes
	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	The current status and management strategies of Huanglongbing (citrus greening disease) in the Western Cape province of South Africa
	09-10/2006	Letsitele Study Group	Phytophthora & Nematodes
		Marble Hall Study Group	Phytophthora & Nematodes
	11/10/2006	Hoedspruit Study Group	Phytophthora & Nematodes
	09/11/2006	Malelane/Komatipoort Study Group	Phytophthora & Nematodes
Schutte, G.C. (CRI)	03/08/2006	Nelspruit Study Group	Citrus Black Spot
	04/08/2006	Hectorspruit Study Group	Citrus Black Spot
	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	New spray programmes for the control of citrus black spot
			Phytophthora citrophthora – the death sentence for Clementine production in South Africa
			New spray programmes for the control of Alternaria brown spot on mandarins in the summer and winter rainfall regions of South Africa
	21/09/2006	Fort Beaufort Study Group	Citrus Black Spot, Alternaria, Phytophthora
	21/09/2006	Addo Study Group	Citrus Black Spot, Alternaria, Phytophthora
	22/09/2006	Patensie Study Group	Citrus Black Spot, Alternaria
	28/09/2006	Swellendam Study Group	Alternaria, Phytophthora
	03/10/2006	Letsitele Study Group	Citrus Black Spot
	04/10/2006	Marble Hall Study Group	Citrus Black Spot
	12/10/2006	Hoedspruit Study Group	Citrus Black Spot
Stewart, K.A. (UP)	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium, PE	Development and implementation of PCR and Microarray based methods to differentiate *Citrus tristeza virus* strains
Verreynne, J.S. (CRI)	18/05/2006	Nexus Chemical Representatives	Fruit size improvement in citrus
	21-23/10/06	4th Citrus Research Symposium, PE	The role of hormones in alternate bearing in citrus
			Evaluation of potential benefits of hand thinning on Nules Clementine mandarins
			Evaluation of alternative means of controlling creasing (albedo breakdown)
	25/08/2006	Colors Citrus Workshop, Kirkwood	Creasing, crop load and alternate bearing

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
	31/08/2006	UAP Citrus training, Simondium	Creasing in citrus
	19/09/2006	Clanwilliam Farmer's Association	Creasing in citrus
Van Vuuren, S.P. (CRI)	21-23/08/06	4th Citrus Research Symposium	*Citrus tristeza virus* cross-protection of Star Ruby grapefruit
			Citrus tristeza virus cross-protection of sweet orange
EXTENSION			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
Le Roux, H.F. (CRI)	26/01/06	USA Workshop	Agenda (Hannes Bester)
	07/02/06	Grondvesblok	CIP (Hennie le Roux)
	20/02/06	CEF-meeting	Agenda (Hannes Bester)
	21/02/06	Hoedspruit	Boord en Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Navorsingsbefondsing (Hennie le Roux)
	06/03/06	Patensie	Boord- en Oespraktyke (Hannes Bester) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	07/03/06	Sondagsrivier Privaat Pakhuise	Pakhuispraktyke (Keith Lesar)
	07/03/06	SRCC Pakhuise en Tegniese Afdeling	Pakhuispraktyke (Keith Lesar)
	07/03/06	Sondagsrivier SG	Boord- en Oespraktyke (Mark Fry) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	08/03/06	Katrivier	Boord- en Oespraktyke (Mark Fry) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	09/03/06	Suid-Natal	Boord- en Oespraktyke (Mark Fry) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	10/03/06	Nkwaleni	Boord- en Oespraktyke (Mark Fry) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	20/03/06	Citrusdal	Boord- en Oespraktyke (Hannes Bester) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius) VSA-GAP's (Sakkie Bruwer)
	20/03/06	Exporters Technical Panel	Navorsingsterugvoer (Keith Lesar) Bederf en raklewe (Keith Lesar) Navorsingsterugvoer oor Skildefekte (Paul Cronje)
	22/03/06	Paarl/Stellenbosch	Boord- en Oespraktyke (Hannes Bester) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius) VSA-GAP's (Sakkie Bruwer) Sitruswakse (Ossie Bronkhorst)
	23/03/06	Breederivier	Boord- en Oespraktyke (Mark Fry) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius) VSA-GAP's (Sakkie Bruwer)
	23/03/06	Swellendam	Boord- en Oespraktyke (Mark Fry)

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
			Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	31/03/06	CMF-meeting	Agenda (Hannes Bester)
	04/04/06	Benede-Oranjerivier	Boord- en Oespraktyke (Hannes Bester) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	05/04/06	Vaalharts	Boord- en Oespraktyke (Hannes Bester) Pakhuispraktyke (Keith Lesar) Wortelgesondheid (MC Pretorius)
	01/04/06	Rustenburg	Vrugtevliegbestuur (Hennie le Roux) Besproeiingsbestuur (Hannes Coetzee)
	11/04/06	Oos-Kaap CTA	Agenda (Hannes Bester)
	11/04/06	Marble Hall/ Grobersdal	Agenda (Hennie le Roux)
	12/04/06	CFB Evaluasie	Kultivarevaluerings (Hannes Bester)
	21/04/06	Burgersfort	Agenda (Hennie le Roux)
	23/04/06	Tshipise	Agenda (Hennie le Roux)
	16/05/06	CEF-meeting	Agenda (Hannes Bester)
	18/05/06	CMF-meeting	Agenda(Hannes Bester)
	26/05/06	Vergroeningswerkswinkel	Agenda (Hannes Bester, MC Pretorius)
	05/06/06	Oos-Kaap CTA	Kultivarwerkswinkel (Hannes Bester)
	02/08/06	Hartswater	Eksotiese Siektes (Hannes Bester) FCM (Sean Moore) Vrugtevlieg (Sean Moore) Witluis (Sean Moore) Bladspringers (Sean Moore) Kouebestuurswerkswinkel (Graham Barry/Ballie Wahl)
	03/08/06	Benede-Oranjerivier	Eksotiese Siektes (Hannes Bester) FCM (Sean Moore) Vrugtevlieg (Sean Moore) Witluis (Sean Moore) Bladspringers (Sean Moore) Kouebestuurswerkswinkel (Ballie Wahl)
	07/08/06	Exporters Technical Panel Citrusdal	Navorsingsprioriteite 2007 (Hannes Bester) Eksotiese siektes (Hannes Bester) Vergroeningsimptome Cryptogran (Sean Moore) Bemesting / CAL (Hannes Coetzee) Eksotiese siektes (Hannes Bester) Vergroening (Hannes Bester / Sakkie Bruwer)
	08/08/06	Paarl / Stellenbosch Swartland	Cryptogran (Sean Moore) Bemesting / CAL (Hannes Coetzee) Eksotiese siektes (Hannes Bester) Vergroening (Hannes Bester / Sakkie Bruwer)

RESEARCH			
Name	**Date**	**Place**	**Topic**
